

# *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

*Kurrikulum- en  
assesseringsbeleidsverklaring*

**CAPS**

**STRUCTURED. CLEAR. PRACTICAL**  
HELPING TEACHERS UNLOCK THE POWER OF NCS



*Intermedi re fase  
Graad 4-6*



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING  
GRAAD 4-6**

**LEWENSVAARDIGHEDE**

**Departement van Basiese Onderwys**

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0776-4**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

## VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nationale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implemteringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nationale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nationale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gemaalgemeer. Hoewel die *Nationale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nationale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nationale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nationale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

A handwritten signature in black ink, appearing to read "MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP".

**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP  
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**



# INHOUD

<b>AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING .....</b>	<b>3</b>
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Tydstoekennung .....	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediére Fase .....	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10-12 .....	7
<b>AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSAARDIGHED.....</b>	<b>8</b>
2.1 Wat is die vak Lewensvaardighede?.....	8
2.2 Spesifieke doelstellings.....	10
2.3 Tydstoekennung vir Lewensvaardighede in die kurrikulum .....	10
2.4 Gewig per studieveld.....	11
<b>AFDELING 3: ONDERRIGPLAN.....</b>	<b>12</b>
3.1 Oorsig van onderwerpe .....	12
3.1.1 Persoonlike en Sosiale Welsyn.....	12
3.1.2 Liggaamlike Opvoeding.....	13
3.1.3 Skeppende Kunste.....	13
3.2 Jaarlikse Onderrigplan .....	17
3.2.1 Persoonlike en Sosiale Welsyn.....	17
3.2.2 Liggaamlike Opvoeding.....	29
3.2.3 Skeppende Kunste.....	35

<b>AFDELING 4: ASSESSERING IN LEWENSAARDIGHED.....</b>	<b>59</b>
<b>4.1 Inleiding.....</b>	<b>59</b>
<b>4.2 Informele of daaglikse assessering .....</b>	<b>59</b>
<b>4.3 Formele assessering .....</b>	<b>60</b>
<b>4.4 Assesseringsprogram .....</b>	<b>60</b>
4.4.1 Assessering in Persoonlike en Sosiale Welsyn .....	60
4.4.2 Assessering in Liggaamlike Opvoeding .....	63
4.4.3 Assessering in Skeppende Kunste .....	64
<b>4.5 Rekordhouding en Rapportering.....</b>	<b>65</b>
<b>4.6 Moderering van assessering .....</b>	<b>67</b>
<b>4.7 Algemeen .....</b>	<b>67</b>

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assessorings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assessoringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

### 1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
  - (i) Kurrikulum- en assessoringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
  - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
  - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
  - (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in Staatskoerant No. 23406 van 31 Mei 2002; en
  - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante*, No. 25545 van 6 Oktober 2003 en No. 27594 van 17 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in subparagrawe b(i) en (ii), wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
  - (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
  - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in Goewermentskennisgewing No. 124, in Staatskoerant No. 29626 van 12 Februarie 2007;
  - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in Staatskoerant No. 27819 van 20 Julie 2005;

- (iv) die beleidsdokument, ‘n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes, gepromulgeer in Staatskoerant, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12; en
- (v) die beleidsdokument, ‘n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12, gepromulgeer in Goewermentskennisgewing, No. 1267, in Staatskoerant No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 en die afdelings oor die Kurrikulum- en assessoringsbeleidsverklaring soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standarde van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12. Die uitkomste en standarde wat behoudens artikel 6(A) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996) bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standarde, sowel as die prosesse en procedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
  - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
  - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te faciliteer; en
  - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
  - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
  - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifieer en stel hoë, bereikbare standarde in alle vakke;

- *Progressie:* Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
  - *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid:* Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
  - *Waardering vir inheemse kennissisteme:* Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenissoorte van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
  - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid:* Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
  - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
  - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
  - versamel, ontleed en organiseer inligting en evaluateer dit krities;
  - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
  - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
  - begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstrukkelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningssisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

- (a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
<b>TOTAAL</b>	<b>23</b>	<b>23</b>	<b>25</b>

- (b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.
- (c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.
- (d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediére Fase

- (a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediére Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

#### 1.4.3 Senior Fase

- (a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

#### 1.4.4 Graad 10-12

- (a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit <b>Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)</b> van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in <b>paragraaf 28</b> van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

## AFDELING 2: INLEIDING TOT LEWENSAARDIGHED

### 2.1 WAT IS DIE VAK LEWENSAARDIGHED?

Die vak lewensvaardighede is die middelpunt van die holistiese ontwikkeling van die leerder. Die leerders word toegerus met die kennis, vaardighede en waardes wat benodig word om hulle volle potensiaal te bereik ten opsigte van fisiese-, intellektuele-, persoonlike-, emosionele- en sosiale ontwikkeling. Die vak moedig leerders aan om lewensvaardighede aan te kweek en te beoefen wat hulle sal toerus om onafhanklik en effektiel op die lewe se uitdagings te reageer en om 'n aktiewe en verantwoordelike rol in die gemeenskap te speel. Die doel van die vak is om die leerders te ontwikkel deur middel van drie verskillende, maar verwante studieveld naamlik: Persoonlike en Sosiale Welsyn, Liggaamlike Opvoeding en Skeppende Kunste.

#### 1. Persoonlike en Sosiale Welsyn

Persoonlike en Sosiale Welsyn is die studie van die self in verhouding tot die omgewing en die gemeenskap. Die studieveld voorsien geleenthede aan die leerders om lewensvaardighede te beoefen wat benodig word om ingeligte besluite te neem ten opsigte van persoonlike leefstyl, gesondheid en sosiale welsyn. Leerders sal die vaardighede ontwikkel om 'n positiewe bydrae tot die familie/gesin, gemeenskap en samelewning te lewer. Leerders word toegerus met vaardighede om uitdagende situasies positief te hanteer en om hul vermoëns, belangstellings en vaardighede met selfvertroue te herken, ontwikkel en daaroor te kommunikeer. Leerders leer om hulle grondwetlike regte en verantwoordelikhede te beoefen, die regte van ander te respekteer en verdraagsaam teenoor kulturele- en verskillende religieë te wees om sodoende 'n betekenisvolle bydrae tot 'n demokratiese samelewing te maak.

In die Lewensvaardighede-kurrikulum vir graad 4 tot 6, word Persoonlike en Sosiale Welsyn uitgedruk as 'n studieveld wat in drie onderwerpe vervat is. Die drie onderwerpe is:

- 1) Ontwikkeling van die self;
- 2) Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid; en
- 3) Sosiale verantwoordelikheid.

Die kwessies wat in elke onderwerp aangespreek word, is verwant aan die kwessies wat in die ander twee onderwerpe in die studieveld gedek word en elke onderwerp word as ewe belangrik geag.

#### 2. Liggaamlike Opvoeding

Die doel van Liggaamlike Opvoeding (LO) is om die leerders se fisiese welsyn en kennis van beweging en veiligheid te ontwikkel. Leerders ontwikkel motoriese vaardighede en neem deel aan 'n verskeidenheid fisiese aktiwiteite. Deelname aan LO kweek positiewe houdings en waardes asook leerders wat fisies en verstandelik fiks, emosioneel gebalanseerd en sosiaal aangepas is. Leerders sal die voordele van deelname ervaar en hulle sal die belangrikheid van 'n fisies aktiewe leefstyl verstaan. Onderwysers sal ook gedurende bewegingsaktiwiteite die ontwikkeling van ander vaardighede soos verhoudingsvaardighede, probleemplossingsvaardighede en die bevordering van selfbeeld aanspreek.

Die inhoud van Persoonlike en Sosiale Welsyn en Liggaamlike Opvoeding studieveld wat in graad 4, 5 en 6 aangespreek word, is verwant aan Lewensvaardighede in die Grondslagfase en Lewensoriëntering in die Senior Fase en die Verdere onderwys- en opleidingsfase.

Dit fokus op soortgelyke areas van vaardighede, kennis en waardes en berei die leerders voor om met die vak voort te gaan in graad 7 tot 12.

### **Skeppende Kunste**

Skeppende Kunste verskaf blootstelling aan en studie van 'n verskeidenheid kunsvorme soos dans, drama, musiek en visuele kunste. Die doel van Skeppende Kunste is om kreatiewe, verbeeldingryke individue te ontwikkel wat 'n waardering vir die kunste het. Dit voorsien die leerders ook van die basiese kennis sodat hulle aan skeppende aktiwiteite kan deelneem. Die leerders funksioneer in 'n veilige en ondersteunende omgewing waar hulle hul gedagtes, idees en begrippe in 'n atmosfeer van openheid en aanvaarding kan ervaar en ondersoek.

Skeppende Kunste voorsien geleenthede aan die leerders om uiting te gee aan hul gevoelens en begrippe, individueel en in samewerking met ander. Dit skep 'n grondslag vir gebalanseerde, kreatiewe-, kognitiewe-, emosionele- en sosiale ontwikkeling.

Die effektiewe toepassing van Skeppende Kunste verbeter geletterdheid en verminder die aantal leerders wat die onderwys voortydig verlaat. Teen die einde van die Intermediêre Fase behoort leerders 'n basiese kennis en waardering van al vier die kunsvorme te hê en behoort hulle ingeligte keuses te kan maak ten opsigte van die twee kunsvorme waarop hulle wil fokus gedurende die Senior Fase.

Skeppende Kunste is in twee parallelle en komplementêre strome verdeel, naamlik Visuele- en Uitvoerende Kunste (dans, drama, musiek).

Visuele Kunste bied die leerders die geleentheid om deur middel van spel te ontdek, terwyl daar op die vaardighede en tegnieke wat in die grondslagfase bemeester is, voortgebou word. 'n Bewustheid van die kuselemente en die ontwerpbeginnels wat in die natuur- en bou-omgewing voorkom, word aangemoedig en dit verryk die leerder se ervaring van die wêreld rondom hulle. Geleenthede word geskep vir sosiale-, emosionele- en intellektuele ontwikkeling waar die leerder deur middel van nieverbale uitdrukking en die proses van kunsskepping, tot 'n besef kom van simboliese taal. Visuele Kunste in die Intermediêre Fase bied die leerder die geleentheid om te ontdek en om keuses te maak ten opsigte van hierdie dissipline in die Senior Fase.

Die drie onderwerpe vir Visuele Kunste is:

- 1) Visuele geletterdheid;
- 2) 2D-ontwerpe; en
- 3) 3D-ontwerpe.

Dit is fundamenteel dat integrasie tydens die beoefening van Afrikakuns in Uitvoerende Kunste plaasvind, maar dit is noodsaaklik om die vaardighede van dans, drama en musiek ook afsonderlik aan te leer. Daar is baie areas in hierdie kunsvorme wat mekaar komplimenteer en wat oorvleuel en die klem is op die inklusiewe aard van die kunste. Aangesien die aard van die geïntegreerde kunsbeoefening dit moeilik maak om gespesialiseerde vaardighede in die klaskamer met die toegewysde tyd te ontwikkel, word dit aanbeveel dat leerders wat in 'n spesifieke musiekinstrument of dansvorm wil spesialiseer, dit as 'n buitemuurse aktiwiteit neem.

Die vier onderwerpe vir Uitvoerende Kunste is:

- 1) Opwarming en spel – voorbereiding van die liggaam en stem, en die gebruik van speletjies as instrumente om vaardighede aan te leer;

# LEWENSAARDIGHED GRAAD 4-6

- 2) Improviseer en skep – gebruik spontane kunsvaardighede individueel of gesamentlik om leer te demonstreer;
- 3) Lees, interpretasie en opvoering – leer die taal van die kunsvorm, interpretasie en opvoering van die kunsproduksies in die klaskamer; en
- 4) Waardering en nadenke – demonstreer begrip en waardering van eie en ander se kunsprosesse en/of -produksies.

Die fokus van leer behoort op die ontwikkeling van vaardighede te wees deur middel van genotvolle, eksperimentele prosesse, eerder as om op die eindproduk te fokus. Klaskameropvoerings behoort in 'n omgewing plaas te vind waar die leerders nie bedreig voel nie en waar elke leerder se bydrae waardeer en erken word.

Formatiewe assessorering behoort deurlopend plaas te vind en by die leerprogram geïntegreer te word deur gereelde terugvoering aan die leerders te bied.

## 2.2 SPESifieKE DOELSTELLINGS

Die vak Lewensvaardighede is daarop gemik om:

- 1) leerders te lei om hulle volle fisiese-, intellektuele-, persoonlike-, emosionele- en sosiale potensiaal te bereik;
- 2) leerders te onderrig om hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede te beoefen en om die regte van ander te respekteer;
- 3) leerders te lei om ingeligte en verantwoordelike besluite oor hul gesondheid en omgewing te neem;
- 4) kreatiewe, ekspressiewe en innoverende individue te ontwikkel;
- 5) vaardighede soos bewustheid van self, probleemoplossing, interpersoonlike verhoudinge, leierskap, besluitneming en effektiewe kommunikasie te ontwikkel; en
- 6) leerders aan ervarings en die basiese vaardighede van dans, drama, musiek en visuele kunste, asook kunsgeletterdheid en waardering bloot te stel; en
- 7) leerders toe te laat om die gesondheidsvoordele van oefening te geniet en om sosiale vaardighede wat met deelname aan liggaamlike opvoeding gepaardgaan, te ontwikkel.

## 2.3 TYDSTOEKENNING VIR LEWENSAARDIGHED IN DIE KURRIKULUM

Vier ure per week word aan Lewensvaardighede toegeken in die NKV. Die inhoud word in Afdeling 3 van hierdie dokument gegroepeer en word oor 40 weke (160 uur) van die skooljaar versprei om te verseker dat die kurrikulum van Lewensvaardighede gedek word.

## 2.4 GEWIG PER STUDIEVELD

Studieveld	Tydstoekening per week	Tydstoekening per jaar		
		Graad 4	Graad 5	Graad 6
Persoonlike en Sosiale Welsyn	1½ uur	60 uur	60 uur	60 uur
Liggaamlike Opvoeding	1 uur	40 uur	40 uur	40 uur
Skeppende Kunste	1½ uur	60 uur	60 uur	60 uur
Totaal	<b>4 uur</b>	<b>160 uur</b>	<b>160 uur</b>	<b>160 uur</b>
Weke		<b>40</b>	<b>40</b>	<b>40</b>

## AFDELING 3: ONDERRIGPLAN

## 3.1 OORSIG VAN ONDERWERPE

## 3.1.1 Persoonlike en Sosiale Welsyn (PSW)

Onderwerpe	Graad 4	Graad 5	Graad 6
1. Ontwikkeling van self	<ul style="list-style-type: none"> <li>Persoonlike sterkpunte</li> <li>Respek vir eie en ander se liggame</li> <li>Emosies: begrip vir verskillende emosies</li> <li>Konflikhantering</li> <li>Persoonlike ervaring van groepwerk</li> <li>Afnouery: gepaste reaksies op afknouery</li> <li>Lees vir genot</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Positiewe selfbeeldvorming</li> <li>Ontvang en gee van terugvoering</li> <li>Hantering van emosies</li> <li>Verhoudinge met maats, ouer mense en vreemdelinge</li> <li>Leesvaardighede: Lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Positiewe selfbeeld: liggaamsbeeld</li> <li>Vermoëns, belangstellings en potensiaal</li> <li>Groepsdruk</li> <li>Probleemoplossingsvaardighede in konfliksituasies</li> <li>Selfbestuursvaardighede</li> <li>Afnouery: afsien van die afknou- gewoonte</li> <li>Leesvaardighede: lees vlot en met begrip</li> </ul>
2. Sosiale verantwoordelikheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kinders se regte en verantwoordelikhede</li> <li>Kulturele- en morele lesse</li> <li>Kennis van die vernaamste religieë in Suid-Afrika: Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, Baha'i-geloof en Afrika-religie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Begrippe: diskriminasie, stereotipering en vooroordeel</li> <li>Kindermishandeling</li> <li>Hantering van geweldadige situasies</li> <li>Ouderdoms- en geslagskwessies</li> <li>Feeste en gebruikte van 'n verskeidenheid religieë in Suid-Afrika</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die waardigheid van die persoon in 'n verskeidenheid religieë in Suid-Afrika</li> <li>Kulturele reg van toegang</li> <li>Versorging van diere</li> <li>Versorging van mense</li> <li>Nasiebou en kulturele erfenis</li> <li>Stereotipering van geslagte, seksisme en mishandeling</li> </ul>
3. Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gevare in en om water: huis en openbare swembaddens, riviere en damme</li> <li>Verkeersreëls ten opsigte van padgebruikers: voetgangers en fietsryers</li> <li>Persoonlike en huishoudelike higiëne</li> <li>Kinders se eetgewoontes</li> <li>Omgewingsbewaring en persoonlike gesondheid: huis, skool en gemeenskap</li> <li>MIV en VIGS opvoeding: basiese feite</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Veiligheidsmaatreëls by die huis en in die omgewing</li> <li>Water as belangrike basiese behoefte</li> <li>Gesonde eetgewoontes vir kinders</li> <li>Plaaslike omgewingsgesondheidsprobleme</li> <li>MIV en VIGS opvoeding: hantering van die stigma</li> <li>Middelmisbruik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Basiese nodhulp in verskillende situasies</li> <li>Voedselhygiëne</li> <li>Oordraagbare siektes</li> <li>MIV en VIGS opvoeding: mites en waarhede</li> </ul>

### 3.1.2 Liggaamlike Opvoeding

Graad 4	Graad 5	Graad 6
<ul style="list-style-type: none"> <li>Verskillende maniere om te beweeg, te draai, te spring/klim en te balanseer deur verskillende dele van die liggaam, met beheer, te gebruik</li> <li>'n Verskeidenheid aangepaste aanvalspeletjies</li> <li>Ritmiese bewegings wat op postuur fokus</li> <li>Basiese veld- en baanatletiek, of swemaktiwiteite</li> <li>Veiligheidsmaatreëls</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Opeenvolging van vloeiente bewegingskombinasies wat konsekwentheid en beheer vereis</li> <li>'n Verskeidenheid teikenspeletjies</li> <li>Ritmiese bewegings en passies wat skenk aandag aan postuur en styl</li> <li>'n Verskeidenheid veld- en baanatletiek-, of swemaktiwiteite</li> <li>Veiligheidsmaatreëls</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Fisiese fiksheidsprogramme om spesifieke aspekte van fiksheid te ontwikkel</li> <li>'n Verskeidenheid slaan- en veldwerkspeletjies</li> <li>Ritmiese bewegingspatrone met koördinasie en beheer</li> <li>Verfyning van patrone wat die verandering van vorm, spoed en rigting deur gimnastiekaksies of swemaktiwiteite beklemtoon</li> <li>Veiligheidsmaatreëls</li> </ul>

### 3.1.3 Skeppende Kunste

#### Uitvoerende Kunste

Onderwerpe	Graad 4	Graad 5	Graad 6
1. Opwarming en spel	<p>Fisiese opwarmingsaktiwiteite insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>aktiewe ontspanning</li> <li>bewegings- en vriesaksies</li> <li>liggaamsdeel-isolering</li> <li>vloerwerk</li> <li>neutrale postuur en karakterposture</li> <li>spronge (sagte landing)</li> </ul> <p>Speletjies wat die volgende ondersoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>ritme en musiek</li> <li>kreatiwiteit</li> <li>rigting</li> <li>roep en antwoord</li> <li>konsentrasie en fokus</li> <li>sintuiglike bewusstheid</li> <li>vertroue en luister</li> </ul> <p>Opwarming van die stembande, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>asemhalingsbewusstheid</li> <li>neurie, gaap en sug</li> <li>akseliedjies</li> </ul>	<p>Fisiese opwarmingsaktiwiteite soos in graad 4 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>op- en afrol van die ruggraat</li> <li>armswaaiie, kniebuigings en -strekke</li> <li>afkoel</li> </ul> <p>Speletjies soos in graad 4 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>ruimtelike- en groepsbewusstheid</li> <li>liggaamsperkussie (eenstemmig, in kanon en/of roep-en-antwoord)</li> </ul> <p>Opwarming van die stembande soos in graad 4 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>glynote</li> <li>harmonisering</li> <li>artikulasie</li> </ul> <p>Sangopwarming wat liedjies insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>eenstemmig</li> <li>in kanon</li> <li>met/sonder aksies</li> </ul>	<p>Fisiese opwarmingsaktiwiteite soos in graad 5 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>beheerde, ontspanne gebruik van gewrigte op die vloer en bewegings in die lug</li> <li>bewegings om die gewig te verplaas in alle rigtings</li> <li>danspassies en -kombinasies</li> </ul> <p>Speletjies soos in graad 5 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>aksie en reaksie</li> <li>lei-en-volg</li> <li>storie-ontwikkeling</li> </ul> <p>Opwarming van die stembande soos in graad 5 aangedui, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>asembeheer</li> <li>sentrering van die stem</li> <li>resonansie</li> <li>dreunsang</li> </ul> <p>Sangopwarming wat liedjies soos in graad 5 insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>met roep-en-antwoord</li> </ul>

Onderwerpe	Graad 4	Graad 5	Graad 6
2. Improviseer en skep	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik liggaamsperkussie om ritmiese patronen te skep</li> <li>Bewegingskombinasies (met/sonder aktiewe bewegings)</li> <li>Instrumente van herwinningsmateriaal</li> <li>Klankprente om buie (stemminge) te ondersoek</li> <li>Beweging om buie (stemminge) te ondersoek en verbale dinamiek</li> <li>Karakters uit rekvisiete</li> <li>Verbeeldingsvoorwerpe deur mimiek te gebruik</li> <li>Fisiese vorms deur gebare, postuur en balans te gebruik</li> <li>Tablo's (gevriesde beelde) in groepes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik liggaamsperkussie om ritmiese patronen te skep, herhaling, klem, roep-en-antwoord, eggo</li> <li>Bewegingskombinasies (met/sonder aktiewe bewegings) ondersoek elemente van tyd en krag</li> <li>Aksies deur mimiek</li> <li>Bewegingskombinasies in pare deur die volgende te gebruik: <ul style="list-style-type: none"> <li>- kopiëring,</li> <li>- neem van leiding,</li> <li>- volg en weerspieëeling,</li> <li>- 'vraag-en-antwoord'</li> <li>- 'ontmoet-en-skeiding'</li> </ul> </li> <li>Rol spel in pare</li> <li>Karakter 'warmsitplek'</li> <li>Improvisasie wat 'n sosiale-, kulturele- of omgewingskwessie weergee</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Musiekfrases wat dinamiek, toonhoogte en ritmiese patronen ondersoek</li> <li>Klankprente om 'n bui (stemming) of idee weer te gee</li> <li>Uitdrukkingsvolle beweging/mimiek deur elemente soos tyd, ruimte, gewig, energie, krag en die ontwikkeling van verhoudinge te gebruik</li> <li>Musiekvorme (tweeledig en drieledig)</li> <li>Konflik (in dialoog, beweging en musiekfrases)</li> <li>Improvisasie van stories deur middel van musiek</li> <li>Afrika-verhaal deur poppespel te gebruik (opsioneel)</li> </ul>
3. Lees, interpreteer en uitvoering	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ritmiese patronen in tydmaat (2/4, 3/4, 4/4)</li> <li>Musieknotasie (notebalk, nootwaardes, rustekens, solfasisteem)</li> <li>Eenstemmige liedjies</li> <li>Bewegingsinne met behulp van rekvisiete en in 4/4 maatslag</li> <li>Animasie van voorwerpe</li> <li>Klaskamerdramas van karakters en tablo's (gevriesde beelde)</li> <li>Klankprente</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Beweging, dans en mimiekombinasies, ondersoek kontraste, sintuiglike besonderhede en geometriese begrippe</li> <li>Musieknotasie (notebalk, nootwaardes, rustekens, G-sleutel, solfasisteem, nootname)</li> <li>Liedjies in twee- of drieledige vorm</li> <li>Groepsrol spel</li> <li>Klaskamerdans-/ drama-opvoering wat 'n sosiale-, kulturele- of omgewingskwessie uitbeeld</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ritmiese patronen deur gebruik te maak van tromtegnieke</li> <li>Melodieë in C majeur toonaard</li> <li>Musieknotasie (notebalk, nootwaardes, rustekens, G-sleutel, solfanotering, nootname, C majeur toonaard)</li> <li>Afrika-volksoorlewering of tradisionele storie</li> <li>Kultuurdans</li> <li>Suid-Afrikaanse liedjies</li> <li>Kulturele rituele of -seremonies</li> <li>Poppespel</li> </ul>
4. Waardeer en nadanke	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Verskeidenheid musiek deur nie-melodiese perkussie en melodiese instrumente te gebruik (Afrika en Westers): Individuele- en groepsuitvoerings en prosesse</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Verskeidenheid musiek deur slag- en melodiese instrumente te gebruik (Afrika en Westers), en dink na oor verskillende genres en style</li> <li>Twee kontrasterende dansuitvoerings</li> <li>'n Lewende opvoering of opname van 'n drama-uitvoering</li> <li>Eie en ander se uitvoerings en prosesse</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vergelyking van twee tipes drama, dans, musiek in Suid-Afrika</li> <li>Kulturele rituele en seremonies</li> <li>Kerngehoor se gedrag tydens opvoerings</li> <li>Eie en ander se uitvoerings en prosesse</li> </ul>

**Visuele Kunste**

Onderwerp	Graad 4	Graad 5	Graad 6
<b>1. Visuele geletterdheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkelling van visuele geletterdheid: moedig begrip vir eie wêreld aan deur woordgebruik: beskrywing van eie en ander se kunswerk, visuele stimuli, gewilde kultuur- en bekende kunswerke; sluit kunselemente en ontwerpbeginnels in</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stel plaaslike omgewing bekend en verdiep die bewusheid van kunselemente en ontwerpbeginnels in visuele stimuli</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stel nasionale omgewing bekend en uitbreiding van reeks en waarneming van kunselemente en ontwerpbeginnels: kontras, verhouding, klem, balans en eenheid</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toepassing van kennis op eie werk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toepassing en identifisering in eie werk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Persoonlike toepassing, identifisering en interpretasie van eie werk</li> </ul>
<b>2. 2D-ontwerpe</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Temas wat die persoonlike en sosiale wêreld interpreer deur tweedimensionele tegnieke te gebruik wat die manipulasie van media, kleurvermenging en probleemplossing aanmoedig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Brei temas uit om die plaaslike omgewing in te sluit, ontwikkel tegnieke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Brei temas uit om nasionale omgewing in te sluit, verdere ontwikkeling van die gebruik van media en tegnieke</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kunselemente: formele onderrig van die kunselemente soos lyn, vorm, sekondêre en verwante kleur, tinte en skakerings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Formele inleiding tot komplimentêre kleur, ontwikkel die gebruik van alle kunselemente</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Formele inleiding tot monochromatiese kleur, verdere ontwikkeling van die gebruik van alle kunselemente</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwerpbeginnels: formele onderrig van kontras en verhoudinge</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bekendstelling van klem en verdere ontwikkeling van die gebruik van ontwerpbeginnels</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bekendstelling van die bewuste gebruik van balans en verdere ontwikkeling van die gebruik van ontwerpbeginnels</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kreatiewe letterwerk en/of patroonmaakprojekte: vorm, lyn, kleur, tekstuur, teken, knip en plak van vorme in reeks</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Letterwerk en/of patroonmaakprojekte as oppervlakontwerp</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Letterwerk en/of patroonmaakprojekte: sluit in uitstralende patronen, bewusheid van komposisie</li> </ul>

<b>3. 3D-ontwerpe</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Temas wat die persoonlike- en sosiale wêreld interpreer deur drie-dimensionele tegnieke te gebruik wat die manipulasie van media aanmoedig asook die bewustheid van vorm in die ruimte: 'agter, voor, langs, bo-kant, onder', ensovoorts</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitbreidings om die plaaslike omgewing in te sluit; ontwikkel tegnieke; verdiep bewustheid van persoonlike gebruik van ruimte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitbreidings om die nasionale omgewing in te sluit; verdere ontwikkeling van die gebruik van media en tegnieke; eienskappe van drie-dimensionele werk (vorm/volume, oppervlakkige en diep ruimte)</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kunselemente: tekstuur, vorm en kleur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vergroot bewuste gebruik van alle kunselemente</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verdiep en brei bewuste gebruik van alle kunselemente uit</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwerpbeginnels: kontras, verhouding</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stel klem bekend en verdere ontwikkeling van die gebruik van ontwerpbeginnels</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stel bewuste gebruik van balans bekend, en verdere ontwikkeling van die gebruik van ontwerpbeginnels</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke vir 3D-ontwerpe</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel tegnieke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel tegnieke</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik van instrumente: veiligheid, neem ander in ag, deel van hulpbronne</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Versorging van instrumente</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verantwoordelikheid vir gedeelde ruimte en netheid</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sensitiwiteit vir die omgewing: die gebruik van herwinbare materiaal</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewustheid en die waarde van herwinning</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Doelgerigte keuse van herwinbare materiale</li> </ul>

## 3.2 JAARLIKSE ONDERRIGPLAN

### 3.2.1 Persoonlike en Sosiale Welsyn

KWARTAAL 1	GRAAD 4	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 1:</b> <b>Ontwikkeling van self</b>	6 uur	Handboek, tydskrifprente, boeke oor rolmodelle, suksesvolle mense/mense met selfvertroue, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Persoonlike sterkpunte: identifiseer, ondersoek en waardeer eie sterkpunte:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ander se sterkpunte;</li> <li>- Suksesvolle ervarings as gevolg van eie sterkpunte: prestasies en opwindende ervarings by die skool en tuis;</li> <li>- Minder suksesvolle ervarings; en</li> <li>- Maniere om minder suksesvolle ervarings in positiewe leerervarings te omskep: gebruik eie sterkpunte om swakhede te verbeter.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor rolmodelle of suksesvolle mense/mense met selfvertroue.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	4½ uur	Handboek, boeke oor versorging en respek vir liggaam, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Respek vir eie en ander se liggamoë: privaatheid, liggaamlike integrititeit en om die liggaam nie bloot te stel aan misbruik van middels nie:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Hoe om eie liggaam te respekteer en te versorg;</li> <li>- Hoe om ander se liggamoë te respekteer; en</li> <li>- Redes waarom eie en ander se liggamoë gerespekteer moet word.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die versorging en respek vir liggaam.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, boeke oor konfliksituasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Konflikhantering:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voorbeeld van konfliksituasies tuis en by die skool;</li> <li>- Strategieë om konflik te vermy; en</li> <li>- Gepaste reaksies op konfliksituasies.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor veilige omgewings en hoe om konfliksituasies te vermy.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is</li> <li>• Werksopdrag/ontwerp en maak/skep</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

# LEWENSVAARDIGHED GRAAD 4-6

KWARTAAL 2	GRAAD 4	Voorgestelde hulpbronne
<b>Ontwikkeling van self</b>	4½ uur	Handboek, koerantberigte, plakkaat, boeke oor emosies
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Emosies: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Begrip vir 'n verskeidenheid emosies: liefde, geluk, hartseer, vrees en jaloesie;</li> <li>- Begrip vir eie emosies: gepaste maniere om eie emosies uit te druk; en</li> <li>- Begrip en inagneming van ander se emosies.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees hoe verskillende emosies uitgedruk word.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, koerantberigte, boeke oor spanwerk
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Persoonlike ervaring van groepwerk: tuis en by die skool: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Skool: as lid van die klas, in die skool of klas, of as kleingroepprojek of -aktiwiteit;</li> <li>- Tuis: as lid van 'n gesin/familie, samewerking en om met broers en susters oor die weg te kom;</li> <li>- Voordele van groepwerk;</li> <li>- Uitdagings van groepwerk; en</li> <li>- Gepaste reaksies op die uitdagings van groepwerk.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor maniere waarop groepwerk suksesvol gedoen kan word.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, koerantberigte, boeke oor afknouery
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Afknouery: Hoe om jouself te beskerm teen afknouery: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voorbeeld van afknouery; en</li> <li>- Gepaste reaksies op afknouery: waar om hulp te vind.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor gepaste reaksies op afknouery.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Onderwerp 2:</b> <b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, plakkate, tydskrifprente, Suid-Afrika se Grondwet, Kinderwet, koerantberigte, boeke oor kinderregte en -verantwoordelikhede
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinderregte en -verantwoordelikhede: naam, gesondheid, veiligheid, opvoeding, skuiling, kos en omgewing: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kinders se regte soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika; en</li> <li>- Kinders se verantwoordelikhede in verhouding tot hulle regte.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor kinders se regte en verantwoordelikhede.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assesserung</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>• Die toets moet die werk insluit wat gedurende kwartaal 1 en 2 gedoen is.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 3	GRAAD 4	Aanbevole hulpbronne
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboek, plakkate, boeke oor kultuurdiversiteit en morele lesse, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kultuurdiversiteit en morele lesse:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kultuurgroepe in Suid-Afrika;</li> <li>- Spyskaarte van verskillende Suid-Afrikaanse kulture; en</li> <li>- Morele lesse wat uit die oorvertellings van verskillende Suid-Afrikaanse kulture geselekteer is.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor morele lesse wat in die oorvertellings van verskillende kulture gevind word.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	6 uur	Handboek, boeke oor verskillende religieë in Suid-Afrika, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kennis van die meerderheidsgelowe in Suid-Afrika: Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhistisme, Bahá'-geloof en Afrika-religie:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Betekenisvolle plekke, geboue en aanbiddingsimbole van verskillende religieë.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor religieë in Suid-Afrika.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Onderwerp 3:</b> <b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, waterveiligheidstoerusting, boeke oor gevare in en om water
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gevare in en om water: by die huis en openbare swembaddens asook in riviere en damme:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verantwoordelike veiligheidsmaatreëls in en om water.</li> </ul> </li> <li>• Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor gevare in en om water.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>• Projek (optekening van punte).</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 4	GRAAD 4	Aanbevole hulpbronne
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	1½ uur	Handboek, plakkate van gepaste verkeerstekens, boeke oor verkeersreëls
<ul style="list-style-type: none"> <li>Verkeersreëls wat op padgebruikers van toepassing is:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voetgangers en fietsryers;</li> <li>- Passasiersgedrag;</li> <li>- Treinveiligheid.</li> </ul> </li> <li>Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor verkeersreëls wat op padgebruikers van toepassing is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, plakkate, boeke oor persoonlike en huishoudelike higiëne
<ul style="list-style-type: none"> <li>Persoonlike en huishoudelike higiëne:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Persoonlike higiëne-items wat nie gedeel kan word nie; en</li> <li>- Areas in die huis waar kieme uitbroei.</li> </ul> </li> <li>Kinders se eetgewoontes:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Impak op tand- en mondhygiëne.</li> </ul> </li> <li>Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor persoonlike en huishoudelike higiëne en kinders se eetgewoontes.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboek, tydskrifte, plakkate, boeke oor omgewingsbewaring en persoonlike gesondheid
<ul style="list-style-type: none"> <li>Omgewingsbewaring en persoonlike gesondheid: huis, skool en gemeenskap:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Voorbeeld van ongesonde omgewings: besoedeling (lug, water en grond) asook onwettige stortingsterreine;</li> <li>- Gevare van ongesonde omgewings op persoonlike gesondheid;</li> <li>- Strategieë om die omgewing te bewaar; en</li> <li>- Viering van boomplantdag.</li> </ul> </li> <li>Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor omgewingsbewaring en persoonlike gesondheid.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke, boeke oor MIV en VIGS
<ul style="list-style-type: none"> <li>MIV en VIGS opvoeding: basiese feite wat bloedbestuur insluit:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Basiese verduideliking van MIV en VIGS;</li> <li>- Oordra van MIV deur bloed;</li> <li>- Hoe MIV nie oorgedra kan word nie; en</li> <li>- Hoe om jouself te beskerm teen infeksie deur bloed.</li> </ul> </li> <li>Weeklikse lees deur leerders: lees vir genot:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees basiese feite oor MIV en VIGS.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	3 uur	Aktiwiteite wat gedurende die jaar gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die jaar gedoen is.</li> <li>Jaareindeksamen sluit die hele jaar se werk in.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 1	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 1:</b> <b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, plakkate, lees van boeke
<ul style="list-style-type: none"> <li>Positiewe selfbeeldvorming:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Invloed op ander met betrekking tot selfbeeld: volwassenes en vriende;</li> <li>- Persoonlike suksesse as bydraende faktor tot positiewe selfbeeld; en</li> <li>- Aksieplan vir deurlopende positiewe selfbeeldvorming.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor aktiwiteite en/of aksies wat positiewe selfbeeld bou: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, koerantberigte, tydskrifte
<ul style="list-style-type: none"> <li>Gee en ontvang terugvoering: gee terugvoering aan vriende en ontvang terugvoering van vriende en volwassenes:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Gepaste maniere om terugvoering te gee: positiewe en negatiewe terugvoering; en</li> <li>- Gepaste maniere om negatiewe en positiewe terugvoering te ontvang.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor gepaste maniere om terugvoering te gee en te ontvang: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	4½ uur	Handboek, boeke oor hantering van emosies
<ul style="list-style-type: none"> <li>Hantering van emosies: empatie, deernis, woede, teleurstelling en hartseer:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vaardighede om emosies op 'n positiewe manier te bestuur; en</li> <li>- Beteenis van vriende in tye van hartseer, tragedie en verandering.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor vriende wat omgee en ondersteun: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, boeke oor verhoudinge
<ul style="list-style-type: none"> <li>Verhoudinge met vriende, ouer persone en vreemdelinge:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Veilige en onveilige verhoudinge;</li> <li>- Slegte en goeie verhoudinge;</li> <li>- Voordele van goeie en veilige verhoudinge.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor veilige en goeie verhoudinge: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>Werksopdrag/gevallestudie/ontwerp en maak/skep.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 2	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 2:</b> <b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, plakkate, storieboeke, Wet op Menseregte, Kinderwet, boeke oor diskriminasie, stereotipering en vooroordeel
<ul style="list-style-type: none"> <li>Begrippe: diskriminasie, stereotipering en vooroordeel:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Skending van kinders se regte: diskriminasie, stereotipering en vooroordeel;</li> <li>- Reaksie op die skending van kinders se regte: maniere om jouself en ander te beskerm en waar om hulp te vind; en</li> <li>- Planne om kinderregteskendings te hanteer in eie plaaslike konteks.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor individue wat teen kinderregteskendings opgetree het: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboek, koerantberigte, plakkate oor vorme van mishandeling, boeke oor mishandeling
<ul style="list-style-type: none"> <li>Kindermishandeling:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verskillende vorme van kindermishandeling: fisies en emosioneel;</li> <li>- Effek van mishandeling op persoonlike gesondheid;</li> <li>- Strategieë om mishandeling te hanteer; en</li> <li>- Waar om hulp te vind en mishandeling aan te meld.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor maniere waarop jy jouself en ander kan beskerm teen mishandeling: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, plakkate oor geweldadige situasies, boeke oor geweldadige situasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>Hantering van geweldadige situasies:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Identifiseer potensiële geweldadige situasies by die huis, skool en gemeenskap;</li> <li>- Effektiewe reaksie op geweldadige situasies; en</li> <li>- Maniere om jouself en ander teen geweld te beskerm, dit te vermy en waar om hulp te vind.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor beskermingseenhede en plekke van veiligheid vir kinders: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, boeke oor verhoudinge en kultuurdiversiteit
<ul style="list-style-type: none"> <li>Kwessies van ouderdom en geslag in verskillende Suid-Afrikaanse kulturele kontekste:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verhouding tussen ouer persone en kinders in verskillende kulturele kontekste;</li> <li>- Verantwoordelikhede van seuns en meisies in verskillende kulturele kontekste;</li> <li>- Mans en vrouens se bydraes in verskillende kulturele kontekste.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woerdeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor kwessies aangaande ouderdom en geslag in verskillende kulturele kontekste: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessorering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die jaar gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>Die toets moet die werk insluit wat gedurende kwartaal 1 en 2 gedoen is.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 3	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboeke, boeke oor verskillende religieë
<ul style="list-style-type: none"> <li>Feeste en gebruik van 'n verskeidenheid religieë in Suid-Afrika.</li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor feeste en gebruik van 'n verskeidenheid religieë in Suid-Afrika: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Onderwerp 3:</b> <b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, tydskrifte, plakkate van veiligheidsmaatreëls by die huis en in die omgewing
<ul style="list-style-type: none"> <li>Veiligheidsmaatreëls by die huis en in die omgewing:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Skadelike huishoudelike produkte en medikasie;</li> <li>- Vuurveiligheid.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor skadelike huishoudelike produkte en medikasie en vuurveiligheid: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, gepaste tydskrifte, plakkate, boeke oor water as belangrike basiese behoefté
<ul style="list-style-type: none"> <li>Water as belangrike basiese behoefté:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Belangrikheid van water;</li> <li>- Verskillende maniere om water te bespaar; en</li> <li>- Verskillende maniere om die kwaliteit van water te beskerm.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die belangrikheid van water, hoe om dit te bespaar en die beskerming van die kwaliteite van water: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, plakkate oor gesonde eetgewoontes
<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesonde eetgewoontes vir kinders:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Suid-Afrikaanse Voedselgebaseerde Voedingsriglyne;</li> <li>- Kinders se voedingsbehoeftes;</li> <li>- Faktore wat die voedselinname van kinders beïnvloed.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor gesonde eetgewoontes vir kinders: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>Projek (optekening van punte).</li> </ul>		

# LEWENSVAARDIGHED GRAAD 4-6

KWARTAAL 4	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	6 uur	Handboek, tydskrifte, bronne met gesondheidsinligting, boeke oor omgewingsgesondheid
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Plaaslike omgewingsgesondheidsprobleme: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Plaaslike gesondheidsprobleme wat gereeld voorkom soos tuberkulose, diarree, malaria, masels, ensovoorts;</li> <li>- Oorsake van gesondheidsprobleme;</li> <li>- Simptome van gesondheidsprobleme; en</li> <li>- Beskikbare behandeling vir gesondheidsprobleme.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die oorsake, simptome en behandeling van plaaslike gesondheidsprobleme wat gereeld voorkom: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke, boeke oor MIV en VIGS
<ul style="list-style-type: none"> <li>• MIV en VIGS opvoeding: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Hantering van die stigma;</li> <li>- Stigma oor MIV en VIGS; en</li> <li>- Hoe om die houdings te verander teenoor mense wat met MIV en VIGS besmet is.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor veranderende houdings en insigte oor MIV en VIGS: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, gepaste tydskrifte, bronne oor gesondheidsinligting, boeke oor misbruik van middels
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Misbruik van middels: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Soorte dwelms wat gebruik word: wettige en onwettige dwelms insluitend tabak, alkohol en medikasie wat oor die toonbank verkrygbaar is; en</li> <li>- Negatiewe impak van middels op die gesondheid: effek van dwelms op die liggaam en verstand.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en die gebruik van 'n woordeboek: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die gevare van misbruik van middels: herroep en vertel.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	3 uur	Aktiwiteite wat gedurende die jaar gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Samevatting van die werk wat gedurende die jaar gedoen is.</li> <li>• Jaareindeksamen moet die hele jaar se werk insluite.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 1	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 1:</b> <b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, tydskrifte, plakkate
<ul style="list-style-type: none"> <li>Positiewe selfbeeld: liggaamsbeeld: <ul style="list-style-type: none"> <li>Begrip en respek vir liggaamsveranderinge;</li> <li>Ander invloede op liggaamsbeeld: media en gemeenskap; en</li> <li>Aanvaarding van self.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor die positiewe invloed op liggaamsbeeld: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	4½ uur	Handboek
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vermoëns, belangstellings en potensiaal: <ul style="list-style-type: none"> <li>Identifiseer eie vermoëns, belangstellings en potensiaal;</li> <li>Verhouding tussen vermoëns, belangstellings en potensiaal;</li> <li>Skep geleenthede om die meeste te maak van eie vermoëns, belangstellings en potensiaal: ondersoek 'n verskeidenheid bronne; en</li> <li>Aksieplan om die meeste te maak van eie vermoëns, belangstellings te beoefen en eie potensiaal te ontwikkel.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees tekste oor die identifisering en ontwikkeling van eie vermoëns, belangstellings en potensiaal: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke
<ul style="list-style-type: none"> <li>Groepsdruk: <ul style="list-style-type: none"> <li>Voorbeeld van groepsdruk in verskillende situasies: skool en gemeenskap;</li> <li>Gepaste reaksies op groepsdruk in verskillende situasies.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor maniere waarop groepsdruk weerstaan kan word: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>Probleemoplossingsvaardighede in konfliksituasies: bly veilig en hoe om jouself en ander te beskerm. <ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede om as tussenganger op te tree:</li> <li>Vaardighede om die vrede te bewaar: aanvaarding van self en ander, bewys van respek teenoor ander, samewerking, persoonlike verantwoordelikheid vir jou aksies, luistervaardighede.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor vaardighede om die vrede te bewaar en om as tussenganger op te tree: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is</li> <li>Werksopdrag/gevallestudie.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 2	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Selfbestuursvaardighede:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verantwoordelikhede by die skool en by die huis;</li> <li>- Priorisering van verantwoordelikhede; en</li> <li>- Ontwikkel 'n aktiwiteitsplan: huiswerk, take in die huis en speeltyd.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor selfbestuursvaardighede: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Ontwikkeling van self</b>	3 uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Afknouery: redes vir afknouery.           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Afsien van die afknou-gewoonte: waar om hulp te vind.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor maniere waarop van die afknou-gewoonte afgesien kan word: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Onderwerp 2:</b>	4½ uur	Handboek, koerantberigte
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kulturele reg van toegang:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Belangrike stadia in die individu se lewe in Suid-Afrikaanse kultuur: geboorte, doop, huwelik en dood;</li> <li>- Betekenis van elke stadium; en</li> <li>- Persoonlike en sosiale betekenis van elke stadium.</li> </ul> </li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die belangrike lewenstadia in die verskillende kulture: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, koerantberigte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die waardigheid van die persoon in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse religieë.</li> <li>• Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid:           <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor die waardigheid van 'n persoon in verskillende religieë: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is</li> <li>• Die toets moet die werk insluit wat gedurende kwartaal 1 en 2 gedoen is.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 3	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek
<ul style="list-style-type: none"> <li>Versorging van diere: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Wreedheid teenoor diere;</li> <li>- Versorging en beskerming van diere; en</li> <li>- Plekke van veiligheid vir diere.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor maniere waarop diere versorg kan word en plekke van veiligheid vir diere: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek
<ul style="list-style-type: none"> <li>Versorging van mense: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Neem ander se behoeftes en uitgangspunte in ag;</li> <li>- Kommunikeer eie uitgangspunte en behoeftes sonder om ander se gevoelens seer te maak; en</li> <li>- Welwillendheidsdade teenoor ander mense.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor verskillende mense se welwillendheidsdade teenoor ander: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboek, koerantberigte, nasionale simbole
<ul style="list-style-type: none"> <li>Nasiebou en kulturele erfenis: definisie van begripe. <ul style="list-style-type: none"> <li>- Hoe die kulturele erfenis die nasie verenig: nasionale simbole, nasionale dae.</li> <li>- Nasionale simbole soos die vlag, volkslied, landswapen, ensovoorts.</li> <li>- Viering van nasionale dae: Menseregtdag, Vryheidsdag, Erfenisdag, Versoeningsdag, Kinderdag, Vrouedag, Afrikadag, Mandeladag.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor nasiebou en kulturele erfenis: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Sosiale verantwoordelikheid</b>	3 uur	Handboek, tydskrifte, Suid-Afrika se Grondwet
<ul style="list-style-type: none"> <li>Stereotipering van geslagte, seksisme en mishandeling: definisie van begripe. <ul style="list-style-type: none"> <li>- Effek van stereotipering van geslagte en seksisme op persoonlike en sosiale verhoudinge.</li> <li>- Effek van geslagsverwante mishandeling op persoonlike en sosiale verhoudings.</li> <li>- Hantering van stereotipering, seksisme en mishandeling.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees oor maniere waarop stereotipering, seksisme en mishandeling hanteer kan word: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	1½ uur	Aktiwiteite wat gedurende die kwartaal gedoen is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die kwartaal gedoen is.</li> <li>Projek (optekening van punte).</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 4	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3:</b> <b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	1½ uur	Handboek, basiese noodhulptoerusting
<ul style="list-style-type: none"> <li>Basiese noodhulp in verskillende situasies: snye en skaafplekke, brandwonde, skroeiwonde en sonbrand, insekbyte en steke, kneusings, vergiftiging, bloeding, verstikking.</li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor basiese eerstehulp: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	4 ½ uur	Handboek
<ul style="list-style-type: none"> <li>Voedselhygiëne: <ul style="list-style-type: none"> <li>Veilige en skadelike bestandele;</li> <li>Voedselvoorbereiding;</li> <li>Voedselberging;</li> <li>Siektes wat deur voedsel oorgedra kan word.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor voedselhygiëne: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	4½ uur	Handboek, bronne met gesondheidsinligting
<ul style="list-style-type: none"> <li>Oordraagbare siektes soos pampoentjies, tuberkulose, verkoue, waterpokkies, atleetvoet, ensovoorts. <ul style="list-style-type: none"> <li>Oorsake van oordraagbare siektes.</li> <li>Tekens en simptome van oordraagbare siektes.</li> <li>Waar om inligting te vind: <ul style="list-style-type: none"> <li>Voorkomingstrategieë; en</li> <li>Besikbare behandeling.</li> </ul> </li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor oordraagbare siektes: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid</b>	1½ uur	Handboek, lewensvaardighedeboeke
<ul style="list-style-type: none"> <li>MIV en VIGS opvoeding: mites en waarhede met betrekking tot MIV en VIGS insluitend risiko's en opvattings oor MIV en VIGS. <ul style="list-style-type: none"> <li>Versorging van persone met VIGS.</li> </ul> </li> <li>Leesvaardighede: lees met begrip en vlotheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Lees oor die versorging van persone met VIGS: interpreteer/verduidelik en vertel wat aangeleer is</li> </ul> </li> </ul>		
<b>Formele assessering</b>	3 uur	Alle aktiwiteite wat gedurende die jaar gedaan is
<ul style="list-style-type: none"> <li>Samevatting van die werk wat gedurende die jaar gedaan is.</li> <li>Jaareindeksamen moet die hele jaar se werk insluit.</li> </ul>		
<p>Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.</p>		

### 3.2.2 Liggaamlike Opvoeding

KWARTAAL 1	GRAAD 4
<b>3 uur</b>  Deelname aan aktiwiteit wat verskillende maniere van beweging, draai, spring/klim en balans bevorder, deur verskeie liggaamsdele met beheer te gebruik.  Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van beweging, draai, spring/klim en balanseeraktiwiteit.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir sport en speletjies  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in aktiwiteit wat verskillende maniere bevorder om te beweeg, draai, spring/klim en balanseer deur verskeie liggaamsdele met beheer te gebruik.	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteit</b>  Aktiwiteit soos stap, hardloop, hop, huppel, spring, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan aktiwiteit wat verskillende maniere van beweging, draai, spring/klim en balans bevorder, deur verskeie liggaamsdele met beheer te gebruik.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van die apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteit, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in aktiwiteit wat verskillende maniere bevorder om te beweeg, draai, spring/klim en balanseer deur verskeie liggaamsdele met beheer te gebruik.	

KWARTAAL 2	GRAAD 4
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid aangepaste aanvalspeletjies.  Veiligheidskwesties gedurende speletjies.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir sport en speletjies  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid aangepaste aanvalspeletjies.	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteit</b>  Netbal, basketbal, sokker, rugby, inheemse- of gemeenskapspeletjies, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid aangepaste aanvalspeletjies.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteit, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid aangepaste aanvalspeletjies.	

KWARTAAL 3	GRAAD 4
<b>3 uur</b>  Deelname aan ritmiese bewegings met die fokus op die postuur.  Veiligheidsmaatreëls tydens ritmiese bewegings.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir ritmiese bewegings/aktiwiteite  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van ritmiese bewegings met die fokus op die postuur.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b>  Marsjeer, aerobiese oefeninge, trappies klim (stepping), ritmiese gimnastiek, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan ritmiese bewegings met die fokus op die postuur.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van ritmiese bewegings met die fokus op die postuur.	

KWARTAAL 4	GRAAD 4
<b>3 uur</b>  Deelname aan basiese veld- en baanatletiek, of swemaktiwiteite.  Veiligheidsmaatreëls tydens atletiek-, of swemaktiwiteite.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir atletiekaktiwiteite  Hulpbronne vir swemaktiwiteite  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in basiese veld- en baanatletiek, of swemaktiwiteite.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>• Velditems in atletiek: aangepaste gewigstoot, skyfwerp, spiesgooi, verspring, hoogspring, ensovoorts</li> <li>• Baanitems in atletiek: naellope, middel- en langafstande, aflos, ensovoorts</li> <li>• Swem: oefeninge om selfvertroue te bou, asemhaling, skop, gly, arm- en beenaksies van verskillende swemstyle, deelname aan gala's, ensovoorts</li> </ul>
<b>3 uur</b>  Deelname aan basiese veld- en baanatletiek, of swemaktiwiteite.	
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in basiese veld- en baanatletiek, of swemaktiwiteite.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, water veiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies

KWARTAAL 1	GRAAD 5
<b>3 uur</b>  Deelname aan bewegingskombinasies wat vloeindheid en beheer vereis: draai, balans, beweging, spring/klim.  Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van bewegingskombinasies.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir atletiekaktiwiteite  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegingskombinasies wat vloeindheid en beheer vereis: draai, balans, beweging, spring/klim.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b>  Gimnastiekombinasies wat twee of meer van die volgende bewegings insluit: hardloop, loop, spring, hop, huppel, rol, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan bewegingskombinasies wat vloeindheid en beheer vereis: draai, balans, beweging, spring/klim.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, water veiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegingskombinasies wat vloeindheid en beheer vereis: draai, balans, beweging, spring/klim.	

KWARTAAL 2	GRAAD 5
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid teikenspeletjies.  Veiligheidsmaatreëls tydens teikenspeletjies.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir sport en speletjies  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid teikenspeletjies.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b>  Aangepaste netbal, basketbal, sokker, rugby, hokkie, hindernisbaan, inheemse- of gemeenskapspeletjies, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid teikenspeletjies.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in verskeidenheid teikenspeletjies.	

KWARTAAL 3	GRAAD 5
<b>3 uur</b>  Deelname aan ritmiese bewegings wat op postuur en styl fokus.  Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van ritmiese bewegings.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir ritmiese bewegings  Hulpbronne vir veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van ritmiese bewegings wat op postuur en styl fokus.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b>  Aerobiese oefeninge, galop, marsjeer, hop, huppel, trappies klim, gly, spring, ensovoorts
<b>3 uur</b>  Deelname aan ritmiese bewegings wat op postuur en styl fokus.	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>  Uitvoering van ritmiese bewegings wat op postuur en styl fokus.	

KWARTAAL 4	GRAAD 5
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid veld- en baanitems in atletiek, of swemaktiwiteite.  Veiligheidsmaatreëls tydens veld- en baanitems in atletiek, of swemaktiwiteite.	<b>Aanbevole hulpbronne</b>  Handboek  Hulpbronne vir atletiekaktiwiteite  Hulpbronne vir swemaktiwiteite  Hulpbronne oor veiligheid
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid veld- en baanitems in atletiek, of swemaktiwiteite.	<b>Voorbeelde van moontlike aktiwiteite</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Velditems in atletiek: aangepaste gewigstoot, skyfwerp, spiesgooi, verspring, hoogspring, ensovoorts</li> <li>• Baanitems in atletiek: naellope, middel- en langafstande, en aflosse, ensovoorts</li> <li>• Swem: oefeninge om selfvertroue te bou, asemhaling, skop, gly, arm- en beenaksies van verskillende swimstyle, deelname aan gala's, ensovoorts</li> </ul>
<b>3 uur</b>  Deelname aan 'n verskeidenheid veld- en baanitems in atletiek, of swemaktiwiteite.	
<b>2 uur</b>  Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid veld- en baanitems in atletiek, of swemaktiwiteite.	
	<b>Veiligheidsmaatreëls</b>  Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies

KWARTAAL 1	GRAAD 6
<b>3 uur</b>	<b>Aanbevole hulpbronne</b> Handboek Hulpbronne vir speletjies en sport Hulpbronne vir veiligheid
Deelname aan 'n verskeidenheid slaan- en veldwerkspeletjies. Veiligheidsmaatreëls tydens slaan-en veldwerkspeletjies.	
<b>2 uur</b>	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteite</b> Aangepaste krieket, bofbal, sagtebal, tennis, ensovoorts
<b>3 uur</b>	<b>Veiligheidsmaatreëls</b> Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
Uitvoering van bewegings in 'n verskeidenheid slaan- en veldwerkspeletjies.	

KWARTAAL 2	GRAAD 6
<b>3 uur</b>	<b>Aanbevole hulpbronne</b> Handboek Hulpbronne vir bewegingskombinasie-aktiwiteite Hulpbronne vir veiligheid
Deelname aan 'n fisiese fiksheidsprogram om sekere aspekte van fiksheid te ontwikkel. Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van fisiese fiksheidsaktiwiteite.	
<b>2 uur</b>	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteite</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Ratsheid: hardloop in sig-sag patronen</li> <li>Spierkrag: hardloop op die plek</li> <li>Spoed: naellope</li> <li>Soepelheid: strekking van al die liggaamsgebiede, touspring</li> <li>Uithouvermoë: hurkspronge, opstote, wegspring</li> <li>Apparaat roetine (Circuit training)</li> </ul>
<b>3 uur</b>	<b>Veiligheidsmaatreëls</b> Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
Uitvoering van bewegings in 'n fisiese fiksheidsprogram om sekere aspekte van fiksheid te ontwikkel.	

KWARTAAL 3	GRAAD 6
<b>3 uur</b>	<b>Aanbevole hulpbronne</b> Handboek Hulpbronne vir ritmiese bewegingsaktiwiteite Hulpbronne vir veiligheid
Deelname aan ritmiese patronen of beweging met koördinasie en beheer.  Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van ritmiese patronen of beweging.	
<b>2 uur</b>	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteite</b> Aerobiese ofeninge, galop, marsjeer, hop, huppel, trappies klim, gly, spring, ensovoorts
<b>3 uur</b>	<b>Veiligheidsmaatreëls</b> Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>	
Uitvoering van ritmiese patronen of beweging met koördinasie en beheer.	

KWARTAAL 4	GRAAD 6
<b>3 uur</b>	<b>Aanbevole hulpbronne</b> Handboek Hulpbronne vir bewegingskombinasies Hulpbronne vir swemaktiwiteite Hulpbronne oor veiligheid
Deelname aan verfynde bewegingskombinasies met die klem op verandering van vorm, spoed en rigting, of swemaktiwiteite.  Veiligheidsmaatreëls ten opsigte van bewegingskombinasies.	
<b>2 uur</b>	<b>Voorbeeld van moontlike aktiwiteite</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Gimnastiekombinasies wat twee of meer van die volgende bewegings combineer: hardloop, stap, spring, hop, huppel, rol, draai, balanseer, beweeg, ensovoorts.</li><li>• Swem: oefeninge om selfvertroue te bou, asemhaling, skop, gly, arm- en beenbewegings van verskillende swemstyle, deelname aan gala's, ensovoorts</li></ul>
<b>3 uur</b>	<b>Veiligheidsmaatreëls</b> Oppervlak van die speelarea, gebruik en toestand van apparaat, opwarming en afkoel, basiese eerstehulp, waterveiligheid, uitspreiding van leerders tydens aktiwiteite, volg van instruksies
<b>2 uur</b>	
Uitvoering van verfynde bewegingskombinasies met die klem op verandering van vorm, spoed en rigting, of swemaktiwiteite.	

### 3.2.3 Skeppende Kunste

#### Uitvoerende Kunste

KWARTAAL 1	GRAAD 4
<b>Hulpbronne:</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oop ruimte</li> <li>• Musiekinstrumente wat aangekoop of gemaak is, sluit in trom/tamboeryn</li> <li>• Audio- en audiovisuele toerusting met 'n verskeidenheid gepaste musiek</li> <li>• CD-speler met 'n verskeidenheid gepaste musiek</li> <li>• Kaarte/plakkate van musieknote/plaasvervangers soos diere wat die nootwaardes voorstel</li> <li>• Rekwisiete soos blikkies, klippies, koerante, klere, serpe, hoede, materiaal, stoele, balle en 'n wye verskeidenheid voorwerpe in verskillende groottes en vorms</li> <li>• Handboek</li> </ul>	
<b>Onderwerp 1: Opwarming en spel</b>	<b>Voorgestelde kontaktyd: 15 minute per klas (Totaal van 2,5 uur per kwartaal)</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doelbewuste ontspanning in stilte en in beweging (byvoorbeeld sametrekking en ontspanningsoefeninge, gebruik van verbeelding om die hande los te maak, vingers, skouers, nek, gesig, ruggraat, heupgewrigte, bene, voete).</li> <li>• Beweging (neem rigting, gewig, vlakke in ag) en vriesaksies: <ul style="list-style-type: none"> <li>- in persoonlike (eie) en algemene (gedeelde) ruimte</li> <li>- in beweging en in speletjies</li> <li>- in twee- of viermaatslag (2/4 of 4/4), of vrye tyd.</li> </ul> </li> <li>• Benoemingspeletjies (byvoorbeeld gebruik ritmiese handeklap en liggaamsperkussie om maatslag/aksent van name te ondersoek).</li> <li>• Konsentrasie- en luisterspeletjies.</li> <li>• Kreatiewe speletjies (byvoorbeeld gebruik rekwisiete om iets voor te stel).</li> <li>• Stemopwarming – deur te neurie.</li> <li>• Aksieliedjies saam met fisiese opwarming.</li> </ul>	
<b>Onderwerp 2: Improviseer en skep</b>	<b>Voorgestelde kontaktyd: Totaal van 3 uur per kwartaal</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kort ritmiese patronen (kwartnoot, kwartnootrus, halwenoot en halwenootrus) deur liggaamsperkussie of slaginstrumente te gebruik.</li> <li>• Beweging-en niebewegingsaktiwiteite, individueel en eenstemmig, op maat van 'n ritme (sluit in spring, draai, buig, strek, kronkel [twist], huppel, galop, kruip, rol, gly, swaai, opstrek, stoot, trek) met/sonder beeldspraak.</li> <li>• Ritmiese patronen wat bewegingsaktiwiteite met klank combineer (stem/liggaamsperkussie) deur nootwaardes te loop, te hardloop en te huppel.</li> </ul>	
<b>Onderwerp 3: Lees, interpreteer en opvoer</b>	<b>Voorgestelde kontaktyd: Totaal van 3,5 uur per kwartaal</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ritmes (kwartnoot, kwartnootrus, halwenoot en halwenootrus) deur die gebruik van liggaamsperkussie en/of slaginstrumente.</li> <li>• Liedjies – eenstemmig, nootvas en op maat van die groep se begeleiding.</li> <li>• Bewegingsinne deur rekwisiete te gebruik wat blikkies, klippies, koerante, materiale, stoele, balle en 'n wye verskeidenheid voorwerpe insluit.</li> <li>• Animasie (gee lewe aan) van voorwerpe (rekwisiete, marionette) om 'n karakter weer te gee of om 'n eenvoudige storie te vertel.</li> </ul>	
<b>Onderwerp 4: Waardeer en nadanke</b>	<b>Voorgestelde kontaktyd: Totaal van 1 uur per kwartaal</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die uitdrukkskwaliteit van slaginstrumente in 'n Afrika-musiekstuk. Klassifiseer verskeie instrumente as deel van 'n familie of groep in terme van voorkoms, benoeming, hoe die klank voortgebring word en die toonhoogte klassifikasie (hoog-laag).</li> <li>• Eie en ander se optredes en prosesse deur die gebruik van eenvoudige skeppende kunsterminologie.</li> </ul>	
<b>Sleuteltermes:</b> opwarming, ontspanning, spanning, vries, beweging, persoonlike ruimte, algemene ruimte, improvisasie, konsentrasie, liggaamsperkussie, kwartnoot, halwenoot, rustekens, eenstemmig	
<p>Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.</p>	

KWARTAAL 2	GRAAD 4
<b>Hulpbronne:</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oop ruimte</li> <li>• Beskikbare musiekinstrumente (tuisgemaak of aangekoop), sluit in trom/tamboeryn</li> <li>• Audio- en audiovisueletoerusting met opnames van 'n verskeidenheid gepaste musiek</li> <li>• Musiek mag stukke insluit wat spesifiek gekomponeer is om die instrumente van die orkes te demonstreer soos "Karnaval van die Diere" deur Saint-Saëns, "Pieter en die Wolf" deur Prokofiev, "Die Towenaar se Leerjonge" deur Dukas, ensovoorts.</li> <li>• Kaarte en plakkate van musieknote/plaasvervangers soos diere wat die nootwaardes voorstel</li> <li>• Voorwerpe om musiekinstrumente mee te maak: klippies, blikkies, sade, rys, pype, bottels, houers, ensovoorts</li> <li>• Handboek</li> </ul>	
<b>Onderwerp 1: Opwarming en spel</b>	
<b>Voorgestelde kontaktyd: 15 minute per klas (Totaal van 2,5 uur per kwartaal)</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewusheid van asemhaling in ontspanning en in beweging (byvoorbeeld eenvoudige kombinasies waar elke beweging plaasvind tydens 'n 'asem in' of 'asem uit' opdrag, met musiek of tromslag).</li> <li>• Verbeeldingryke asemhalingsoefeninge (deur denkbeeldige prente wat deur musiek geïnspireer is, met die asem te 'verf').</li> <li>• Op- en afrol van die ruggraat.</li> <li>• Isolering van liggaamsdiele in opwarming as deel van 'n verbeeldingservaring (byvoorbeeld wakker-word, seil op 'n skip, die mark, ensovoorts).</li> <li>• Rigtigspeletjies in algemene ruimte.</li> <li>• Kreatiewe speletjies wat musiek en beweging combineer (byvoorbeeld fisiese bewegings om hoë- en lae-note te beskryf).</li> <li>• Roep-en-antwoordspeletjies (byvoorbeeld roep-en-antwoordliedjies met bewegings).</li> <li>• Ritmespeletjies (byvoorbeeld die herroeping van ritmiese patronen, die hou van 'n vaste maatslag en deur verskillende toonkleure te gebruik).</li> </ul>	
<b>Onderwerp 2: Improviseer en skep</b>	
<b>Voorgestelde kontaktyd: Totaal van 3 uur per kwartaal</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik instrumente wat gemaak is van voorwerpe wat gevind is (byvoorbeeld klippies, blikkies, sade, pype, bottels, ensovoorts).</li> <li>• Klankprente wat op temas gegrond is ('n donderstorm, 'n treinrit) deur die stem/liggaam te gebruik, asook instrumente wat aangekoop of gemaak is (neem toonhoogte, dinamika, tempo en ritmes in ag).</li> <li>• Bewegingsreaksies op klankprente (neem vlakke, rigtings, ritmes en gewig van beweging in ag).</li> </ul>	
<b>Onderwerp 3: Lees, interpreteer en opvoer</b>	
<b>Voorgestelde kontaktyd: Totaal van 3,5 uur per kwartaal</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke soos plakwerk, knip, toedraai, vasmaak, die hegting van verskeie herwinbare materiaal.</li> <li>Kuselemente: tekstuur, vorm/fatsoen, kleur wat in eie konstruksies ingeoefen word.</li> <li>Ontwerpbeginsels: bewuste gebruik en benoeming van kontras en verhouding in konstruksiewerk.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: versterk bewustheid van dele van modelle wat in die ruimte uitreik.</li> <li>Gepaste gebruik van instrumente.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 1	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die komplementêre kleure van afbeeldings van die menslike liggaam in aksie te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die klem in afbeeldings van die menslike liggaam in aksie te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk.</li> <li>Toepassing van kennis op eie en ander se werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, afbeeldings van self en ander in eie omgewing</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kunselemente: gebruik van komplementêre kleure in eie afbeeldings van self en ander in eie omgewing.</li> <li>Ontwerpbeginsels: klem (fokuspunt) wat in eie afbeeldings van self en ander in eie omgewing gebruik word.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, self en ander in eie omgewing</b>	2 uur	Pottebakkersklei
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke: pottebakkersklei.</li> <li>Kunselemente: inskerping van tekstuur, vorm/fatsoen in eie modelle van die menslike figuur.</li> <li>Ontwerpbeginsels: bekendstelling van klem in eie modelle van die menslike figuur.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van die gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig sodat dit voltooi kan word.</li> <li>Gepaste gebruik van instrumente.</li> </ul>		

Dit is verpligend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 2	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die kuselemente in letterwerk, die maak van patronen en liggaamsversiering in Afrika te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's and werklike voorwerpe in letterwerk, die maak van patronen en liggaamsversiering in Afrika te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei in letterwerk, die maak van patronen en liggaamsversiering in Afrika.</li> <li>Toepassing van kennis op eie en ander se werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, kreatiewe letterwerk en/of maak van patronen</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kuselemente: gebruik komplementêre kleur in eie letterwerk en/of die maak van patronen as oppervlakontwerp.</li> <li>Ontwerpbeginnels: gebruik klem in kleure, vorms en grootte van letterwerk en/of patronen.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, liggaamsversiering in Afrika</b>	2 uur	Herwinbare materiaal: karton/papier afvalstukke, krale, blinkertjies, lint, katoen, natuurlike voorwerpe, verskeie ander gepaste materiale, houtlym, ensvoorts
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke soos plakwerk, knip, toedraai, vasmaak, die hegting van verskeie herwinbare materiaal.</li> <li>Kuselemente: gebruik lyn, vorm en kleur in eie oppervlakontwerp van liggaamsversiering.</li> <li>Ontwerpbeginnels: gebruik klem in eie werk, byvoorbeeld die visuele fokus van liggaamsversiering.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van die gebruik van ruimte, byvoorbeeld dele van die liggaamsversiering kan verby die liggaam strek.</li> <li>Gepaste gebruik van instrumente.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 3	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die kuselemente in afbeeldings van reptiele, insekte, ensovoorts te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die klem in afbeeldings van reptiele, insekte, ensovoorts te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei in afbeeldings van reptiele, insekte, ensovoorts.</li> <li>Toepassing van kennis op eie en ander se werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, reptiele, insekte, ensovoorts in hul omgewing</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kuselemente: versterking van die relevante kuselemente deur dit in eie afbeeldings van reptiele, insekte, ensovoorts te gebruik.</li> <li>Ontwerpbeginnels: versterk die ontwerpbeginnels en klem deur dit in eie afbeeldings van reptiele, insekte, ensovoorts te gebruik.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, reptiele, insekte, ensovoorts</b>	2 uur	Pottebakkersklei
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke: pottebakkersklei.</li> <li>Kuselemente: inskerping van tekstuur, vorm/fatsoen in eie modelle van reptiele, insekte, ensovoorts.</li> <li>Ontwerpbeginnels: versterk klem deur dit in eie modelle van reptiele, insekte, ensovoorts te gebruik.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van die gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig, asook dele van die model wat in die omringende ruimte uitgebrei kan word.</li> <li>Gepaste gebruik van instrumente.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 4	GRAAD 5	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's en werklike voorwerpe om die kuselemente wat in afbeeldings van voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies) gevind word, te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's en werklike voorwerpe om die kontras en verhoudinge wat in afbeeldings van voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies) gevind word, te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei.</li> <li>Toepassing van kennis op eie en ander se werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies)</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kuselemente: oorsig van die gebruik van gepaste kuselemente wat in afbeeldings van voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies) gevind word.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van klem in eie afbeeldings van voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies).</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, voorwerpe wat kan vlieg</b>	2 uur	Herwinbare materiaal: karton/papier afvalstukke, krale, blinkertjies, lint, natuurlike voorwerpe, verskeie ander gepaste materiale, draad om goed aan te hang, katoen, houtlym, ensovoorts
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke soos plakwerk, knip, toedraai, vasmaak, die hegting van verskeie herwinbare materiaal.</li> <li>Kuselemente: inskerping van tekstuur, vorm/fatsoen en kleur deur eie konstruksie van voorwerpe wat kan vlieg (natuurlik of meganies).</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van kontras en verhouding deur dit in eie konstruksies te gebruik.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van die gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig, asook dele van die model wat in die omringende ruimte uitgebrei kan word.</li> <li>Gepaste gebruik van instrumente.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 1	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om monochromatiese kleur in afbeeldings te identifiseer.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om balans in afbeeldings van figure met diere te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei.</li> <li>Toepassing, identifisering en persoonlike interpretasie van eie werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, figure met diere</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, droë pastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kunselemente: monochromatiese kleur wat in eie afbeeldings van figure in die omgewing gebruik word.</li> <li>Ontwerpbeginsels: balans in eie afbeeldings van figure in die omgewing.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, figure met diere</b>	2 uur	Pottebakkersklei
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke: pottebakkersklei.</li> <li>Kunselemente: inskerping van tekstuur, vorm/fatsoen in eie modelle van die menslike figuur se interaksie met 'n dier.</li> <li>Ontwerpbeginsels: bekendstelling van balans in eie modelle van die menslike figuur se interaksie met 'n dier.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van die gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig, asook dele van die model wat uitgebrei kan word.</li> <li>Gepaste netheid en die deel van werksruimte.</li> </ul>		
<p>Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.</p>		

KWARTAAL 2	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om die gepaste kuselemente in letterwerk en/of uitstralende patronen (radiating patterns) te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's en werklike voorwerpe om balans te identifiseer en benoem in letterwerk en/of uitstralende patronen.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei in letterwerk en/of uitstralende patronen.</li> <li>Toepassing, identifisering en persoonlike interpretasie van eie werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, kreatiewe letterwerk en/of uitstralende patroon</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, droë pastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kuselemente: gepaste gebruik van kuselemente in eie afbeeldings van uitstralende patronen.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van balans in kleure, vorms en groottes van eie voorbeeld van letterwerk en/of uitstralende patronen.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, 'n reliëfmandala/ uitstralende patroon</b>	2 uur	Herwinbare materiaal: karton/papier afvalstukke, krale, blinkertjies, lint, natuurlike voorwerpe, verskeie ander gepaste materiale, katoen, houtlym, ensovoorts
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke soos plakwerk, knip, toedraai, vasmaak, die hegting van verskeie herwinbare materiaal.</li> <li>Kuselemente: inoefening van eie konstruksie van 'n reliëfmandala/uitstralende patroon.</li> <li>Ontwerpbeginnels: gebruik van balans in eie konstruksie van 'n reliëfmandala/uitstralende patroon.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: gebruik van oppervlakkige en diep ruimte in eie reliëfkonstruksie, byvoorbeeld dat sommige areas meer in die ruimte uitreik as ander.</li> <li>Gepaste netheid en die deel van ruimte.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 3	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om al die kunsselemente wat verband hou met eie praktiese werk te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming en bespreking van visuele stimuli in foto's, kunswerke en werklike voorwerpe om balans in eie afbeeldings te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei in afbeeldings.</li> <li>Toepassing, identifisering en persoonlike interpretasie van eie werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, afbeeldings van mense en/of voorwerpe</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, droë pastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kunsselemente: inoefening van verwante kunsselemente deur dit te gebruik in waargenome portrette, skulpe, skoene, ensovoorts.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van die beginsel van ontwerp en klem deur dit te gebruik in waargenome portrette, skulpe, skoene, ensovoorts.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe, modellering</b>	2 uur	Pottebakkersklei
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke: pottebakkersklei.</li> <li>Kunsselemente: inskerping van tekstuur, vorm/fatsoen in waarneming van eie modelle.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van balans deur dit in eie modelle te gebruik.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van oppervlakkige en diep gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig, asook dele van die model wat in die ruimte uitgebrei kan word.</li> <li>Gepaste netheid en die deel van ruimte.</li> </ul>		

Dit is verpligend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

KWARTAAL 4	GRAAD 6	Aanbevole hulpbronne
<b>Onderwerp 3: Visuele geletterdheid</b>	1 uur	Handboek, visuele stimuli
<ul style="list-style-type: none"> <li>Waarneming van visuele stimuli in foto's en werklike voorwerpe om die gepaste kuselemente wat in afbeeldings van geboue en argitektuur gevind word te identifiseer en te benoem.</li> <li>Waarneming van visuele stimuli in foto's en werklike voorwerpe om die ontwerpbeginnels wat in afbeeldings van geboue en argitektuur gevind word te identifiseer en te benoem.</li> <li>Vrae om die waarneming van die elemente en beginsels van ontwerp te versterk en uit te brei.</li> <li>Toepassing, identifisering en persoonlike interpretasie van eie werk.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 1: 2D-ontwerpe, geboue, argitektuur en die omgewing</b>	2 uur	Toerusting: 2/3B potlode, houtskool, gekleurde ink, oliepastelle, droë pastelle, tempera verf
<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken en/of kleur media: ondersoek 'n verskeidenheid media en tegnieke.</li> <li>Kuselemente: oorsig van die ontwikkelde gebruik van al die kuselemente wat in eie afbeeldings van geboue, argitektuur en die omgewing gevind word.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van die gepaste ontwerpbeginnels wat in eie afbeeldings van geboue, argitektuur en die omgewing gevind word.</li> </ul>		
<b>Onderwerp 2: 3D-ontwerpe of reliëf, geboue, argitektuur en die omgewing</b>	2 uur	Herwinbare materiaal: karton/papier afvalstukke, krale, blinkertjies, lint, natuurlike voorwerpe, verskeie ander gepaste materiale, katoen, houtlym, ensovoorts
<ul style="list-style-type: none"> <li>Vaardighede en tegnieke soos plakwerk, knip, toedraai, vasmaak, die hegting van verskeie herwinbare materiaal.</li> <li>Kuselemente: inoefening van die gepaste kuselemente deur eie konstruksie van geboue en argitektuur.</li> <li>Ontwerpbeginnels: inoefening van die gepaste ontwerpbeginnels deur dit in eie konstruksie te gebruik.</li> <li>Ruimtelike bewustheid: bewustelike inskerping van oppervlakkige en diep gebruik van ruimte, byvoorbeeld om die model van voor, agter en die kante te besigtig, asook dele van die model wat in die omringende ruimte uitgebrei kan word.</li> <li>Gepaste netheid en die deel van ruimte.</li> </ul>		

Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe gedurende die kwartaal te dek. Die onderwyser kan die volgorde waarin die onderwerpe gedurende die kwartaal onderrig word, wysig.

## AFDELING 4: ASSESSERING IN LEWENSAARDIGHED

### 4.1 INLEIDING

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerderprestasie te identifiseer, in te samel en te vertolk. Verskeie vorme van assessering word in hierdie proses gebruik. Dit bestaan uit vier stappe: die ontwikkeling en insameling van bewyse van prestasie; die evaluering van die bewyse; rekordhouding van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te ondersteun. Sodoende word die onderrig- en leerproses bevorder.

Assessering behoort sowel informeel (assessering vir leer) as formeel (assessering van leer) te wees. In albei gevalle moet leerders gereelde terugvoering ontvang om die leerervaring te verbeter.

### 4.2 INFORMELE OF DAAGLIKSE ASSESSERING

Die doel van assessering vir leer is om deurlopend inligting oor 'n leerder se prestasie in te samel wat gebruik kan word om leer te bevorder.

Informele assessering behels die daaglikse monitering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser-konferensies, informele klaskamerinteraksie, ens. Informele assessering kan so eenvoudig wees soos om leerders tydens 'n les waar te neem of om die vordering van die leerproses met leerders te bespreek. Informele assessering moet gebruik word om terugvoering aan leerders te verskaf en om die beplanning van onderrig te rig. Dit hoef egter nie opgeteken te word nie. Dit moet nie beskou word as losstaande van die leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind nie. Hierdie assesseringstake kan deur leerders of onderwysers nagesien word.

Selfassessering en portuurassessering betrek leerders direk by assessering. Dit is belangrik omdat dit leerders toelaat om oor hul eie prestasie te leer en daaroor te besin. Die uitslae van informele daaglikse assessering word nie formeel opgeteken nie, behalwe as die onderwyser dit graag wil doen. Die uitslag van die daaglikse assesseringstake word ook nie in ag geneem vir bevordering en sertifisering nie.

Informele assessering in die Persoonlike en Sosiale Welsyn studieveld bied 'n verskeidenheid geleenthede om die kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel en te bemeester wat verwant is aan daardie spesifieke studieveld. Dit word tydens die onderrig- en leerproses gedoen. Die onderwyser mag enige van die volgende kies as 'n daaglikse assesseringstaak: 'n kort klastoets, bespreking, praktiese demonstrasie, kopkaart, debat, rolspel, 'n onderhoud, ontwerp en maak, gevallestudie, mondelinge- en geskrewe aanbiedings.

Die onderwyser hoef nie elkeen van hierdie take na te sien nie, maar leerders kan gelei word om hul eie prestasie of dié van hul maats te assesseer deur die toepaslike assesseringsinstrument te gebruik soos 'n memorandum vir toetse of kontrolelyste vir waarnemingsoefeninge. Die gebruik van waarnemingskontrolelyste in daaglikse assesseringstake help leerders om hul vordering ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes te bepaal wat weer in die formele assesseringstake geassesseer gaan word.

### 4.3 FORMELE ASSESSERING

Alle assessoringsstake wat deel vorm van die formele assessoringsprogram vir die jaar word beskou as formele assessorings. Formele assessoringsstake word nagesien en formeel deur die onderwyser vir progressie opgeteken. Alle formele assessoringsstake is onderhewig aan moderering om seker te maak dat gepaste standarde volgehoud word asook vir gehalte-versekeringsdoleindes.

Formele assessorings voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en in 'n betrokke vak vorder. Voorbeeld van formele assessoringsstake sluit in: toetse, eksamens, praktiese demonstrasies, projekte, ontwerp en maak, gevallestudies en werksopdragte. Die vorme van assessorings moet gepas wees vir die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die leerders.

### 4.4 ASSESSERINGSPROGRAM

Die assessoringsprogram is so ontwerp om die formele assessoringsstake in 'n vak deur die skooljaar te versprei.

#### 4.4.1 Assessorings in Persoonlike en Sosiale Welsyn

In die Persoonlike en Sosiale Welsyn studieveld, word daar van die leerders verwag om vier assessoringsstake per graad te voltooi. Die vier formele take vorm 30% van die totale punte vir graad 4, 5 en 6.

Die gewig wat die punte van die vier interne formele assessoringsstake vir Persoonlike en Sosiale Welsyn dra, is soos volg:

Taak 1			Taak 2	Taak 3	Taak 4	
Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 4 – 6		Graad 4 en 5	Graad 6
Werksopdrag/ Ontwerp en maak: 30 punte	Werksopdrag/ Gevallestudie/ Ontwerp en maak: 30 punte	Werksopdrag/ Gevallestudie: 30 punte	Toets: 30 punte	Projek: 30 punte	Jaareind- eksamen: 30 punte	Jaareind- eksamen: 60 punte

Nota: Die eksamen vir graad 6 sal 60 punte gedeel deur 2 tel; dit wil sê,  $60/2 = 30$  punte vir rekordhouding.

#### a. Projek

Die projek vir Persoonlike en Sosiale Welsyn sal enige werkstuk wees waarin die kennis, vaardighede en waardes wat lei tot die bevoegdheid van die spesifieke inhoud gedemonstreer word. Die taak behels die versameling, interpretasie en aanbieding van die inligting in 'n geskrewe produk waaroor die leerders verslag doen of wat hulle moet uitvoer. Leerders versamel data/hulpbronne/inligting om 'n taak buite die kontaktyd uit te voer. Die onderwyser lei die voltooiing van die projek gedurende klastyd om die betroubaarheid van die produk te verseker.

Die aard van die produk sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan gedek moet word. Leerders behoort vanaf die aanvang voldoende leiding gegee te word en vordering behoort deurgaans gemonitor te word. Alle toepaslike assessoringskriteria moet met die leerders bespreek word voordat daar met die projek begin word. Leerders moet genoeg tyd gegun word om die projek te voltooi, daarom behoort dit voor die einde van die tweede kwartaal gegee te word sodat dit gedurende die derde kwartaal ingehandig kan word.

**b. Werksopdrag**

Hierdie vorm van assessering laat 'n meer holistiese assessering toe van kennis, vaardighede en waardes en die toepassing daarvan in verskillende kontekste. Die werksopdrag is 'n probleemoplossingsoefening met duidelike riglyne en 'n spesifieke lengte. Die fokus en aard van die taak sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan vir die Persoonlike en Sosiale Welsyn studieveld gedek moet word. Die onderwyser voorsien die leerders van hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi.

**c. Gevallestudie**

Die gevallestudie behels 'n gedetailleerde beskrywing van 'n spesifieke situasie of verskynsel. Dit kan 'n werklike of hipotetiese beskrywing wees en dit kan uit 'n boek, koerant, tydskrif, video of die radio geneem wees. Die gevallestudie sal die onderwyser in staat stel om te bepaal of die leerders die kennis, vaardighede en waardes kan toepas in 'n onbekende konteks. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan van die Persoonlike en Sosiale Welsyn studieveld gedek moet word. Die onderwyser voorsien die leerders van hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi.

**d. Ontwerp en maak**

Dit behels die ontwerp en maak van die werklike produk deur gebruik te maak van skeppende prosesse om 'n sekere bevoegdheid te bereik. 'n Voorwerp is die eindproduk van 'n ontwerp. Daar word van die leerders verwag om te ontwerp, maak en beskrywende verklarings oor die taak te skryf en om begrip te toon vir die kennis wat verwerf is, asook die toepassing van die kennis en vaardighede. Die fokus sal bepaal word deur die inhoud wat in die jaarlikse onderrigplan gedek moet word. Die onderwyser voorsien die leerders van hulpbronne en inligting wat benodig word om die taak te voltooi. Alle assessoringskriteria wat op die taak van toepassing is moet vooraf met die leerders bespreek word.

**e. Toets**

Toetse word aan die einde van die tweede kwartaal gedurende die Persoonlike en Sosiale Welsyn periode afgelê. Die toets sluit die werk in wat gedurende kwartaal 1 en 2 gedoen is. Dit bestaan uit 'n reeks vrae wat die herroeping van kennis, begrip en die toepassing van die kennis behels.

**f. Eksamens**

Eksamens van ten minste 45 minute in graad 4 en 5, en 75 minute in graad 6 word aan die einde van die jaar as deel van die interne eksamenrooster van die skool/distrik/provinsie afgelê. Die eksamen dek die werk wat regdeur die jaar gedoen is. Die eksamen sluit die kennis en vaardighede in wat in die jaarlikse onderrigplan vir die Persoonlike en Sosiale Welsyn studieveld gedek is. Meer as een tipe vraag word ingesluit en verg die toepassing van kennis en vaardighede.

**Oorsig van eksamens en toetse**

Die onderstaande oorsig word gevvolg wanneer die Persoonlike en Sosiale Welsyn eksamen en toetse opgestel word.

Die graad 4 en 5 eksamens en toetse bestaan uit twee afdelings. Die totaal vir die eksamen of toets: **30 punte**

Afdeling A: 15 punte	Afdeling B: 15 punte
<p>Alle vrae is verpligtend.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die vrae is 'Pas die kolomme' en/of 'Voltooi die onbrekende woorde' en/of 'Voltooi die sinne' en/of 'Voltooi die lyste'.</li> <li>Die vrae sal begrip en feitelike kennis toets.</li> </ul>	<p>Alle vrae is verpligtend.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Gevallestudie mag gebruik word.</li> <li>Die vrae is 'n kombinasie van drie of meer tipes vrae en sluit in: verklaar, verduidelik, bespreek en beskryf.</li> <li>Vrae is kort oopeinde en kennis-gebaseerde vrae wat inligting insluit wat die leerders reeds in die klas ten opsigte van Persoonlike en Sosiale Welsyn bemeester het.</li> <li>Leerders gee direkte antwoorde puntsgewys in volledige sinne.</li> <li>Een vraag fokus op die toepassing van kennis en vaardighede wat puntsgewys in volledige sinne of in 'n kort paragraaf beantwoord word.</li> <li>Leerders los probleme op, neem besluite en gee advies. Hulle gee 'n paar direkte antwoorde.</li> </ul>
<p>Nota. Die inligting wat in die gevallestudies voorsien word behoort hedendaags, byderwets, ouderdoms-gepas en leerervriendelik te wees.</p>	

Die graad 6 toets volg dieselfde oorsig as dié van graad 4 en 5. Die graad 6 eksamenvraestel bestaan uit drie afdelings. Die totaal vir die eksamen: **60 punte**

Afdeling A: 25 punte	Afdeling B: 20 punte	Afdeling C: 15 punte
<p>Alle vrae is verpligtend.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die vrae bestaan uit: 'Pas die kolomme', 'Waar of Vals', meervoudige keusevrae en/of lyste.</li> <li>Vrae toets begrip en feitelike kennis.</li> <li>Antwoorde is kort, direk en mag uit een woord, 'n frase of 'n sin bestaan.</li> </ul>	<p>Alle vrae is verpligtend.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Gevallestudie mag gebruik word.</li> <li>Die vrae is 'n kombinasie van drie of meer tipes vrae en sluit in: verklaar, verduidelik, bespreek en beskryf.</li> <li>Vrae is kort oopeinde en kennis-gebaseerde vrae wat inligting insluit wat die leerders reeds in die klas ten opsigte van Persoonlike en Sosiale Welsyn bemeester het.</li> <li>Leerders gee direkte antwoorde puntsgewys in volledige sinne.</li> </ul>	<p>Daar word van leerders verwag om 'n 10-punt vraag en 'n 5-punt vraag te beantwoord.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Vrae fokus op die toepassing van kennis en vaardighede.</li> <li>Leerders moet besluite kan neem en advies kan gee. Hulle gee 'n paar direkte antwoorde en 'n kort paragraaf wat 'n kwessie verklaar, verduidelik of beskryf.</li> <li>Elke vraag fokus op spesifieke inligting of die integrasie van die inhoud.</li> <li>'n Kort teks/diagram/data kan voorsien word as stimulus.</li> </ul>
<p>Nota. Die inligting wat voorsien word behoort hedendaags, byderwets, ouderdoms-gepas en leerervriendelik te wees.</p>		

**NB.** 'n Memorandum of gepaste riglyn vir elkeen van die bogenoemde take moet gebruik word tydens die nasien van die leerder se eksamen of projek of ander taak om die leerder se prestasie te assesseer. Die aard van die taak en die kennis, vaardighede en waardes wat geassesseer moet word sal die riglyn bied vir die tipe assesseringsinstrument.

Voorsiening moet gemaak word in die memorandum of riglyn vir die leerder se eie interpretasie van die vroe. Voorbeeld van gepaste assesseringsinstrumente om die leerder se prestasie in Persoonlike en Sosiale Welsyn te bepaal is: memorandum of riglyn, kriteria kontrolelys of rubriek.

#### 4.4.2 Assessering in Liggaamlike Opvoeding

Die Liggaamlike Opvoedingstaak (LOT) word gedurende al vier die skoolkwartale in graad 4, 5 en 6 gedoen. Daar word van die leerders verwag om elke week aan die vasgestelde Liggaamlike Opvoedingsperiodes wat op die rooster aangedui is, deel te neem. Dit staan bekend as **Liggaamlike Opvoeding** op die skoolrooster. Dit fokus op praktiese en fisiese massadeelname aan bewegingsaktiwiteite vir genot en verrykingsdoeleindes.

Leerdeerdeelname en uitvoering van bewegings in die LOT sal dus geassesseer word deur middel van klaswaarneming en aan die einde van elke kwartaal sal daarvan verslag gedoen word. Die puntetoekenning vir die LOT is 30% van die vak se totale punt. Die vakadviseur sal die LOT modereer tydens aangekondigde skoolbesoek deur die leerders waar te neem terwyl hulle besig is met die uitvoering van die werklike assesseringstaak.

Die fokus van die assessering van die LOT word in twee breë kategorieë verdeel:

- 1) Deelname: Leerders word blootgestel aan 'n begrip van die waarde van gereelde deelname aan fisiese aktiwiteit. Deelname behoort verdere ontwikkeling, genot en die bou van selfvertroue aan te moedig.
- 2) Uitvoering van bewegings: Leerders word geassesseer op die vlak waarop hulle in staat is om te presteer. Uitvoering van bewegings behoort nie 'n sin vir kompetisie aan te moedig nie.

Die onderwyser sal waarnem of die uitvoering van die beweging die gewenste uitkomshet wat op die algehele uitvoering van die beweging fokus eerder as op die gedetailleerde meganismes van elke beweging. Sodra die onderwyser egter vertroue opgebou het en weet hoe om die motoriese vaardigheid af te breek en die bewegingsvolgorde in verskillende dele te kan opbreek, kan addisionele kriteria bygevoeg word om die uitvoering in groter diepte te assesseer.

#### Assesseringsinstrument vir Liggaamlike Opvoeding

Die assesseringsinstrument om leerders se bevoegdheid in die twee kriteria van die taak te bepaal:

Vlak	Beperk	Toereikend	Bekwaam	Uitstekend
<b>Kriterium 1: Gereeldheid van deelname gedurende Liggaamlike Opvoedingsperiodes (20 punte)</b>	0% = 0 punte (geen deelname)  1-5% = 1 punt  6-10% = 2 punte  11-15% = 3 punte  16-20% = 4 punte	21-25% = 5 punte  26-30% = 6 punte  31-35% = 7 punte  36-40% = 8 punte  41-45% = 9 punte  46-50% = 10 punte	51-55% = 11 punte  56-60% = 12 punte  61-65% = 13 punte  66-70% = 14 punte  71-75% = 15 punte	76-80% = 16 punte  81-85% = 17 punte  86-90% = 18 punte  91-95% = 19 punte  96-100% = 20 punte
<b>Kriterium 2: Uitkoms van uitvoering van bewegings (5x2=10 punte)</b>	Benodig aansienlike aandag: bewegings lei glad nie tot die gewenste uitkoms nie (0-1 punt)	Benodig aandag en verfyning: veral in bewegings wat nie altyd tot die gewenste uitkoms lei nie (2-3 punte)	Doeltreffend, effektiel en gepas: bewegings lei meestal tot die gewenste uitkoms (4 punte)	Uitsondelike vaardigheidsvlakte: bewegings lei altyd tot die gewenste uitkoms (5 punte)

'n Klaslys sal gebruik word om 'n punt uit 20 te bepaal vir deelname en 'n punt uit 10 vir bewegingsuitvoering aan die einde van elke kwartaal, dit wil sê, vier lyste vir graad 4, 5 en 6. Die aantal LO-periodes per kwartaal sal deur die Departement van Basiese Onderwys se skoolkalender vir die jaar bepaal word.

Voorbeeld van die klaslys vir deelname en uitvoering van beweging:

	Kwartaal 1	1. Gereeldheid van deelname LO periodes per kwartaal (P1= periode 1)							2. Uitvoering van beweging			<b>Totaal vir die kwartaal</b>
		P1	P2	P3	P4	P5	P6	%	Punte 20	1ste Waarneming	2de Waarneming	
1.												
2.												
3.												
4.												
5.												

**Neem kennis:**

#### Kriterium 1: Gereeldheid van deelname

Daar word 'n punt uit 20 aan die einde van elke kwartaal aan elke leerder toegeken op grond van die gereeldheid waarmee hy/sy aan die Liggaamlike Opvoedingsperiodes deelgeneem het. Indien die leerder afwesig was vir daardie spesifieke periode, word dit op die klaslys met 'n 'a' aangedui en 'n 'x' dui aan dat die leerder aanwesig was maar nie deelgeneem het nie. 'n Leerder wat altyd deelneem wanneer hy/sy teenwoordig is, behoort nie gepenaliseer te word wanneer hy/sy afwesig is nie, maar 'n leerder wat slegs nou en dan deelneem behoort wel gepenaliseer te word tydens afwesigheid.

**Verdeel** die aantal kere waarin 'n leerder aan die LO-periodes deelgeneem het per kwartaal en **vermenigvuldig** dit met 100 om die persentasie vas te stel. Daarna word dit verwerk na 'n punt uit 20 volgens die bogenoemde assesseringsinstrument.

#### Kriterium 2: Uitvoering van beweging

Hoewel daar 'n rekord gehou word van leererdeelname per week, sal leerders nie tydens elke Liggaamlike Opvoedingsperiode geassesseer word in die uitvoering van beweging nie, maar dit sal twee keer tydens die skoolkwartaal formeel geassesseer word om die vlak van hul uitvoering van bewegings te bepaal. Ken 'n punt uit vyf (5) toe vir elk van die twee waarnemings, tel die twee bymekaar om 'n finale punt uit tien (10) te kry volgens die bogenoemde assesseringsinstrument.

#### Totaal vir die kwartaal

Die punte wat per kwartaal toegeken word vir onderskeidelik gereelde deelname en uitvoering van bewegings, word bymekaargetel om 'n punt uit 30 per leerder te kry. Hierdie punt uit 30 is die LOT-punt wat formeel per kwartaal op 'n rekordblad aangeteken moet word.

#### 4.4.3 Assesering in Skeppende Kunste

Die belangrikste doel van Skeppende Kunste op hierdievlak is dat leerders ten volle betrokke moet wees by die leerervaring om kreatiwiteit, uitdrukking, kommunikasie op verskillende maniere en die genot van die kunste te ontwikkel. Die onderwyser behoort aan die einde van elke kwartaal aan die leerders terugvoering te gee (kort, betekenisvolle, konstruktiewe kommentaar op elke leerder se verslag) vir beide Visuele Kunste en Uitvoerende

Kunste. Die onderwyser se waarneming sluit die leerders se deelname en die vermoë om op opdragte te reageer, met selfvertroue te improviseer, kommunikasie deur visuele- of uitvoerende kunste-instrumente, oordeelkundige samewerking en kreatiwiteit in.

#### **Formele assessoringsvereistes:**

Die Skeppende Kunste assessoringsstaak (SKT) word twee keer per jaar vir elke baan (Visuele- en Uitvoerende Kunste) in graad 4, 5 en 6 gedoen. 'n SKT word teen die middel van die jaar en aan die einde van die jaar vir elk van die Visuele Kunste en Uitvoerende Kunste gedoen. Dit beteken dat 'n SKT elke kwartaal gedoen moet word. Deelname aan beide bane word informeel gedurende klaswaarneming gedoen en daar word elke kwartaal van verslag gedoen. Die vermoëns van slegs een baan word formeel per kwartaal geassesseer. Dit is belangrik dat die onderwyser 'n SKT kies wat uit ten minste twee of drie kunsvorme bestaan wanneer Uitvoerende Kunste geassesseer word.

Die twee Skeppende Kunste assessoringsstake vir Visuele Kunste sal 'n totaal van 80 punte hê, en die twee Skeppende Kunste assessoringsstake vir Uitvoerende Kunste sal ook 'n totaal van 80 punte hê. Aan die einde van elke graad sal die punte wat 'n leerder vir die SKT behaal het uit 'n totaal van 160 punte tel. Die puntetoekenning vir die SKT is 40% van die totale punt uit 400 vir Lewensvaardighede, dit wil sê, 160 punte.

Die Visuele Kunste SKT kan die vorm van enige kreatiewe taak van die kwartaal aanneem, wat 'n minimum van 3 periodes neem om te voltooi.

Die Uitvoerende Kunste SKT kan uit enige van die take in onderwerp 2 of 3 vir die kwartaal geneem word, wat ten minste die gebruik van twee of drie kunsvorme kombineer.

#### **Skeppende Kunste Jaarplan:**

KWARTAAL 1: SKT (Visuele of Uitvoerende Kunste)	40 punte
KWARTAAL 2: SKT (Uitvoerende of Visuele Kunste)	40 punte
NEEM KENNIS: Teen die middel van die jaar moet beide bane geassesseer wees.	
KWARTAAL 3: SKT (Visuele of Uitvoerende Kunste)	40 punte
KWARTAAL 4: SKT (Uitvoerende of Visuele Kunste)	40 punte
NB: Teen die einde van die jaar moet beide bane vir die tweede keer geassesseer wees om progressie aan te duif.	
TOTALE PUNTE VIR SKEPPENDE KUNSTE VIR DIE JAAR:	160 punte

In Skeppende Kunste word formele assessorings deur middel van praktiese assessoringsstake gedoen en nie deur middel van geskrewe eksamens nie.

#### **4.5 REKORDHOUDING EN RAPPORTERING**

Rekordhouing is 'n proses waartydens die onderwyser die vlak van 'n leerder se prestasie in 'n spesifieke assessoringsstaak dokumenteer. Dit dui aan hoe 'n leerder vorder in die bereikig van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en assessoringsbeleidsverklarings. Rekords van leerderprestasie behoort bewys te lewer van die leerder se konseptuele groei in 'n graad en sy of haar gereedheid om na die volgende graad te vorder of bevorder te word. Rekords van leerderprestasie behoort ook gebruik te word om te verifieer watter vordering onderwysers en leerders in die onderrig- en leerproses maak.

Rapportering is 'n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit sluit in rapporte

## LEWENSVAARDIGHED GRAAD 4-6

(verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproewe, brieue, klas- of skoolnuusbriewe ensovoorts. Onderwysers sal die werklike punte wat die leerder vir die taak behaal het , op 'n puntestaat aandui en die persentasies teenoor die vak op die leerders se rapporte.

Die volgende punte is van toepassing wanneer leerderprestasie in Lewensvaardighede per kwartaal opgeteken en oor verslag gedoen word.

Kwar-taal	Graad 4 Take	Graad 5 Take	Graad 6 Take	Punte per kwartaal	
				Vir rekordering	Vir verslagdoen-ing
1	Werksopdrag/ Ontwerp en maak	Werksopdrag/ Gevallestudie/ Ontwerp en maak	Werksopdrag/ Gevallestudie	30	100
	LOT	LOT	LOT	30	
	SKT	SKT	SKT	40	
2	PSW: Toets	PSW: Toets	PSW: Toets	30	100
	LOT	LOT	LOT	30	
	SKT	SKT	SKT	40	
3	PSW: Projek	PSW: Projek	PSW: Projek	30	100
	LOT	LOT	LOT	30	
	SKT	SKT	SKT	40	
4	PSW: Eksamien	PSW: Eksamien	PSW: Eksamien	30	100
	LOT	LOT	LOT	30	
	SKT	SKT	SKT	40	
	Totaal			400	400

**N.B.** Die werksopdrag, ontwerp en maak, gevallestudie, toets, projek en eksamen is formele assessoringsstake vir Persoonlike en Sosiale Welsyn (PSW) vir graad 4, 5 en 6.

Die verskillende prestasievlake en die ooreenstemmende persentasies verskyn in die volgende tabel.

### Kodes en persentasies vir rekordhouing en rapportering

Prestasiekode	Beskrywing van Vaardigheid	Persentasie
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienstelike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikende prestasie	0 - 29

## 4.6 MODERERING VAN ASSESSERING

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assessoringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, distriks- en nasionale vlakke plaas te vind. Deeglike en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir die gehalteversekering van alle vakassesserings. Alle Persoonlike en Sosiale Welsynsassesseringstake behoort intern deur die departementshoof of vakhoof van 'n skool gemodereer te word. Die vakadviseur sal van die take volgens 'n steekproef modereer tydens skoolbesoeke om die standaard van die interne moderering te bevestig.

## 4.7 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

- 4.7.1 Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12; en*
- 4.7.2 Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12.*



